M-Telling: Voornemende studente moet 'n M-telling van 17 behaal. Vir hierdie kwalifikasie word die M-telling bereken aan die hand van die volgende formule: onderrigtaal van voorgenome kwalifikasie (Afrikaans of Engels) x 2 + 3 beste vakke.

### **V.3.3.1 Kurrikulum uitkomste**

Die student sal vaardig wees in:

Die BMW program moet voldoen aan die vereistes soos neergelê deur die "South African Council for Social Service Professions (SACSSP)" en beskryf in Government Gazette NO. 24362.

Na voltooiing van die program behoort die student in staat te wees om:

- Te werk binne die vereistes soos gestipuleer deur die SACSSP.
- Die eko-stelsel benadering te verstaan sowel as die gebruik daarvan om sosiale probleme en behoeftes aan te spreek
- Sosiale probleme en behoeftes soos ondervind deur individue, families, groepe en gemeenskappe waarvoor hy/sy verantwoordelik is, te identifiseer, ontleed en te assesseer
- Die geïdentifiseerde probleme te help oplos en aan die geïdentifiseerde behoeftes te help voldoen
- Doeltreffend saam te werk met ander maatskaplike werkers en lede van die multi-professionele span, sowel as met organisasies en gemeenskappe in direkte dienslewering
- Hom/haarself doeltreffend en verantwoordelik te organiseer en bestuur sowel as alle dienste en aktiwiteite gelewer
- Inligting rakende maatskaplike probleme en behoeftes spesifiek, in te samel, te ontleed en organiseer en dit krities te evalueer
- Doeltreffend te kommunikeer deur gebruik te maak van visuele-, wiskundige- en taalvaardighede in verbale sowel as geskrewe vorm in die sfeer van sy/haar spesifieke dienslewering
- Wetenskap en tegnologie doeltreffend en krities te kan gebruik op 'n verantwoordelike manier teenoor die omgewing en gesondheid enwelstand van andere

- By te dra tot die volle ontwikkeling van hom/haarself en die sosiale- en ekonomiese ontwikkeling van die samelewing; deur bewus te wees van die belangrikheid van:
  - Nadenke oor en ondersoek van verskeie strategieë vir meer doeltreffende leer
  - Deelname as verantwoordelike burger in die plaaslike gemeenskaps- en geloofslewe
  - Kulturele- en estetiese sensitiwiteit oor verskeie kontekste
  - Ondersoek van onderrig- en loopbaanmoontlikhede
  - Die ontwikkeling van entrepreneursese moontlikhede

#### **V.3.3.1.1 Artikulasie en uittreepunte**

##### **Artikulasie**

- a) **Vertikaal:** Hierdie kwalifikasie gee toegang tot magistervlakstudie aan alle Suid-Afrikaanse universiteite, sowel as verskillende buitelandse opleidingsinstansies.
- b) **Horisontaal:** Hierdie kwalifikasie gee toegang tot enige nagraadse kwalifikasie/program waarvoor die graad as 'n toelatingsvereiste aanvaar word.

#### **V.3.3.2 Ander reëls**

- a) Die saamgestelde betaalbare gelde vir die voorgeskrewe modules dek nie alle koste in verband met die voorgeskrewe werk nie. Alle koste verbonde aan praktiese werk gedurende universiteitsvakansies en blokpraktika moet deur die student self gedra word.
- b) Studente kan tydens hulle studie, slegs met die skriftelike toestemming van die skooldirekteur, van program/kurrikulum verander of die program/kurrikulum waarvoor hulle ingeskryf is, wysig.
- c) Geen studente word tot die module BSWG471 toegelaat totdat hy/sy al die modules op eerste, tweede en derdejaarsvlak, sowel as die eerste semester modules op vierdejaarsvlak, geslaag het nie. Studente wat nie aan hierdie vereistes voldoen nie, kan 'n skriftelike versoek aan die Skool Direkteur rig om toestemming tot toelating tot BSWG471 te verkry. So 'n versoek sal nie oorweeg word indien die onvoltooide modules in die tweede semester aangebied word nie, want dit sal bots met BSWG471
- d) BSWG471 en BSWG 472 moet gelyktydig geneem word
- e) Studente moet aan die einde van hulle derde- en vierdejaar bewys kan lewer dat hulle aan al die vereistes van praktikum voldoen het.

- f) Studente registreer in hul tweede jaar van studie as Studente Maatskaplike Werkers by die SACSSP. Vanweë statutêre vereistes sal geen student wat die vak Maatskaplike Werk neem tot hetsy die tweede-, derde- of vierde studiejare toegelaat word as hy/sy nie as student-maatskaplike werker ingevolge die Wet op Maatskaplike Diensberoepe 1978 (Wet 110 van 1978) geregistreer is nie.

### V.3.4 LYS VAN MODULES

Module kode	Beskrywende naam	Voorvereistes	Krediete
<b>Maatskaplike Werk</b>			
BSWG111	Inleiding tot maatskaplike werk as 'n profesie		12
BSWG112	Menslike gedrag in die maatskaplike omgewing oor die lewensverloop		12
BSWG113	Inleiding tot professionele gedrag		12
BSWG121	Lewensvaardighede en berading		12
BSWG122	Die wese van maatskaplike ontwikkeling		12
BSWG211	Maatskaplike gevallewerk: teorie en praktyk	BSWG111	12
BSWG212	Kindersorgwetgewing en verband-houdende maatskaplikewerk-intervensies		8
BSWG213	Inleiding tot maatskaplike beleid, maatskaplike welsynsbeleid en maatskaplikewerkbeleid		8
BSWG221	Maatskaplike groepwerk as 'n metode: teorie en praktyk	BSWG111	8
BSWG222	Gemeenskapswerk as 'n metode: teorie en praktyk	BSWG111 BSWG122	8
BSWG223	Basiese beginsels van maatskaplike-werkbestuur		8
BSWG224	Menseregte en maatskaplike geregtigheid		8
BSWG311	Benaderings, teorieë en modelle in maatskaplike werk	BSWG312+ BSWG313+	8
BSWG312	Gevorderde maatskaplike gevallewerk: teorie en praktyk	BSWG211 BSWG311+ BSWG313+	12
BSWG313	Gevorderde gemeenskapswerk: teorie en praktyk	BSWG222 BSWG311+ BSWG313+	12
BSWG321	Gevorderde maatskaplike groepwerk: teorie en praktyk	BSWG221 BSWG311	12
BSWG322	Maatskaplike werk met gesinne en kinders: konsepte en vaardighede vir effektiewe dienslewering	PSYC211	16
BSWG323	Gevorderde maatskaplike beleid, maatskaplike welsynsbeleid en maatskaplikewerkbeleid	BSWG213	12
BSWG471	Internskap	BSWG 472+	48
BSWG472	Maatskaplikewerknavorsing: teorie en toepassing	BSWG 471+	24
BSWG411	Misdaad en forensiese maatskaplike werk		16
BSWG413	Maatskaplike werk in gasheer organisasies		8

Module kode	Beskrivende naam	Voorvereistes	Krediete
BSWG414	Maatskaplikewerkdienste aan spesifieke kliëntsisteme		8
BSWG415	Gesins- en kinderterapie		12
BSWG416	Maatskaplikewerk-intervensies rakende substansmisbruik en afhanklikheid		8
BSWG417	Diversiteit in maatskaplike werk		8
BSWG418	Praktykbestuur in maatskaplike werk		8
Psigologie			
PSYC111	Inleiding tot Psigologie		12
PSYC121	Sosiale en gemeenskapspsigologie		12
PSYC211	Ontwikkelingspsigologie		16
PSYC212	Persoonlikheidspsigologie		16
PSYC221	Positiewe Psigologie		16
PSYC311	Inleiding tot Psigopatologie		16
PSYC312	Navorsing en Psigometrie		16
PSYC321	Basiese hulpverlening en Etiese Gedrag		16
PSYC322	Toegepaste Psigologie		16
Sosiologie			
SOCL111	Inleiding tot Sosiologie: basiese konsepte en temas		12
SOCL121	Inleiding tot Sosiologie: instellings en die Suid-Afrikaanse konteks		12
SOCL211	Sosiologie van ontwikkeling en maatskaplike probleme		16
SOCL221	Sosiologie van die gesin en groepdinamika		16
SOCL311	Sosiale teorie		16
SOCL312	Sosiale navorsingsmetodologie		16
SOCL324	Kliniese Sosiologie		16
SOCL325	Groepdinamika		16
Verpligte modules			
AGLA111	Inleiding tot Akademiese Geletterdheid		
AGLA121	Akademiese Geletterdheid		12
WVLS314*	Mens en samelewing: kritiese perspektiewe op volhoubaarheid en verandering/transformasie		12
WVGW221	Ken en verstaan die gesondheidswêreld		12

**\*WVLS 314: Studente wat Psigologie as 'n tweede hoofvak neem word vrygestel van hierdie module**



V.3.4.1 Samestelling van kurrikulum (111 101 - G402V)

JAARVLAK 1		JAARVLAK 2		JAARVLAK 3		JAARVLAK 4	
EERSTE SEMESTER		EERSTE SEMESTER		EERSTE SEMESTER		EERSTE SEMESTER	
MODULE KODE	KR	MODULE KODE	K R	MODULE KODE	KR	MODULE KODE	KR
BSWG111 (H)	12	BSWG211 (H)	12	BSWG311 (H)	8	BSWG411 (H)	16
BSWG112 (H)	12	BSWG212 (H)	8	BSWG312 (H)	12	BSWG413 (H)	8
BSWG113 (H)	12	BSWG213 (H)	8	BSWG313 (H)	12	BSWG414 (H)	8
PSYC111 (H)	12	PSYC211 (H)	16	<b>Kies een van Psigologie OF Sociologie</b>		BSWG415 (H)	12
SOCL111 (H)	12	PSYC212 (H)	16	PSYC311 (H) en PSYC312 (H)	16 en 16	BSWG416 (H)	8
AGLA/E 111		SOCL211 (H)	16	<b>OF</b>		BSWG417 (H)	8
				SOCL311 (H) en SOCL312 (H)	16 en 16	BSWG418 (H)	8
				*WVLS314	12		
<b>Tot. 1<sup>stE</sup> sem.</b>	<b>60</b>	<b>Tot. 1<sup>stE</sup> sem.</b>	<b>76</b>	<b>Tot. 1<sup>stE</sup> sem.</b>	<b>64/76</b>	<b>Tot. 1<sup>stE</sup> sem.</b>	<b>68</b>

**Samestelling van kurrikulum (111 101 – G402V) Vervolg**

JAARVLAK 1		JAARVLAK 2		JAARVLAK 3		JAARVLAK 4	
TWEEDE SEMESTER		TWEEDE SEMESTER		TWEEDE SEMESTER		TWEEDE SEMESTER	
MODULE KODE	KR	MODULE KODE	KR	MODULE KODE	KR	MODULE KODE	KR
BSWG121 (H)	12	BSWG221 (H)	8	BSWG321 (H)	12	BSWG471 (H)	48
BSWG122 (H)	12	BSWG222 (H)	8	BSWG322 (H)	16	BSWG472 (H)	24
PSYC121 (H)	12	BSWG223 (H)	8	BSWG323 (H)	12		
SOCL121 (H)	12	BSWG224 (H)	8	<b>Kies een van Psigologie OF Sosiologie</b>			
AGLA/E 121 (H)	12	PSYC221 (H)	16	PSYC321 (H) en PSYC322 (H)	16 en 16		
		SOCL221 (H)	16	<b>OF</b>			
		WVGW221	12	SOCL324 (H) en SOCL325 (H)	16 en 16		
<b>Totaal 2<sup>de</sup> sem</b>	<b>60</b>	<b>Totaal 2<sup>de</sup> sem</b>	<b>76</b>	<b>Totaal 2<sup>de</sup> sem</b>	<b>72</b>	<b>Totaal 2<sup>de</sup> sem</b>	<b>72</b>
<b>Totaal jaarvlak 1</b>	<b>120</b>	<b>Totaal jaarvlak 2</b>	<b>152</b>	<b>Totaal jaarvlak 3</b>	<b>140 152</b>	<b>Totaal jaarvlak 4</b>	<b>140</b>
<b>Totaal krediete vir die kurrikulum</b>							<b>552/ 564</b>

- Studente moet ALLE modules van Jaarvlak 1 tot 3 slaag, alvorens vir modules BSWG471 en BSWG472 op Jaarvlak 4 geregistreer mag word.
- Modules BSWG311 & BSWG313 moet gelyk geneem word.
- \*WVLS314: Studente wat Psigologie as tweede hoofvak neem, word vrygestel van hierdie module.

#### V.4 MODULE-UITKOMSTE

<b>Modulekode: AGLA/AGLE111</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b>
<b>Titel: Inleiding tot Akademiese Geletterdheid</b>		
<p><b>Module-uitkomste:</b> Na voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• basiese kennis van leerstrategieë, akademiese woordeskat en register asook die lees en skryf van akademiese tekste te demonstreer ten einde doeltreffend binne die akademiese omgewing te funksioneer;</li> <li>• op gepaste wyse binne 'n akademiese omgewing effektief mondelings en skriftelik as individu en as lid van 'n groep te kan kommunikeer</li> <li>• basiese akademiese tekste te verstaan, interpreteer, evalueer en op koherente wyse toepaslike akademiese genres te kan skryf deur gebruik te maak van akkurate en toepaslike akademiese konvensies;</li> <li>• binne 'n etiese raamwerk akkuraat, vlot en toepaslik te kan luister, praat, lees, skryf en leer.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering: Voltyds en deelyds</b>		
<b>Modulekode: AGLA/E 121</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b>
<b>Titel: Akademiese Geletterdheid</b>		
<p>Module-uitkomste: Na voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• oor fundamentele kennis beskik van toepaslike rekenaarprogramme, leer-, luister-, lees- en skryfstrategieë kan toepas, akademiese taalregister kan gebruik en akademiese tekste kan lees en kan skryf, ten einde doeltreffend binne die akademiese omgewing te kan funksioneer;</li> <li>• as 'n individu en as lid van 'n groep effektief mondelings en skriftelik op 'n etiese verantwoordelike en toepaslike wyse kan kommunikeer in 'n akademiese omgewing;</li> <li>• wetenskaplike inligting binne 'n verskeidenheid studieterreine as individu en in groepsverband kan soek en versamel, tekste kan ontleed, interpreteer, evalueer en op koherente wyse sintetiseer en oplossings voorstel in toepaslike akademiese genres deur gebruikmaking van linguïstiese konvensies soos gebruik in formele taalregisters.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering: Voltyds en deelyds</b>		
<b>Modulekode: AFLL111</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b>
<b>Titel: Taal sonder grense</b>		
<p>Module-uitkomste:</p> <p>Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die basiese beginsels en reëls onderliggend aan die Afrikaanse taalgebruikskunde te verstaan en in te oefen</li> <li>• verskillende tekstipes in Afrikaans te onderskei en krities-evaluerend daarmee om te gaan en</li> <li>• sowel funksionele as estetiese Afrikaanse tekste te ontleed, te interpreteer en te evalueer; kernbegrippe uit die narratologie .</li> <li>• geselekteerde Afrikaanse en Nederlandse kortverhale te kan beskryf en analiseer aan die hand van kernbegrippe uit die narratologie.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering: Voltyds</b>		
<b>Assesseringsmetodes:</b>		
<p>Die bereiking van uitkomste sal bewys word wanneer studente</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Afrikaans, skriftelik en mondeling, gepas, kreatief en effektief in verskillende kontekste kan gebruik</li> <li>• tekste kan ontleed aan die hand van gepaste kriteria</li> <li>• verskillende tekssoorte volgens die bepaalde onderskeie konvensies kan produseer; en</li> <li>• kernbegrippe van die narratologie in teksverband kan toepas.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering: Voltyds en deelyds</b>		

<b>Modulekode: AFL121</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b>
<b>Titel: Afrikaanse en Nederlandse taal- en literatuurstudie: teks en konteks - die taal van tekste</b>		
<b>Module-uitkomst:</b>		
<b>Taalkunde</b>		
Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• basiese grammatikale analitiese begrippe te definieer en toe te pas;</li> <li>• verteenwoordigende Afrikaanse konstruksies te analiseer en beskryf deur van sistematiese analise – en beskrywings metodes gebruik te maak</li> </ul>		
<b>Letterkunde</b>		
Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Afrikaanse en Nederlandse poësie- en dramatekste te analiseer met behulp van 'n teoreties-gefundeerde leesstrategie</li> <li>• die estetiese en ideologiese aspekte van Afrikaanse en Nederlandse gedigte en dramas te identifiseer en beskryf</li> <li>• in groepsverband gesprekke oor tersaaklike temas te kan voer.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering: Kontak, voltyds</b>		
<b>Assesseringsmetodes:</b>		
<b>Taalkunde</b>		
Die bereiking van uitkomst sal bewys word wanneer studente		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• klasbespreking doeltreffend kan lei deur middel van 'n klasseminaar</li> <li>• aan die hand van denkkaarte teoretiese inligting oor die herkoms van die linguistiek weergee</li> <li>• op kreatiewe wyse tekste van eie keuse kan ontleed en aantoon hoe kontekselemente uiteindelik in die taal van teks realiseer en</li> <li>• taalhandelinge in teks, byvoorbeeld strokiesprente in groepsverband, kan identifiseer en beskryf.</li> </ul>		
<b>Letterkunde</b>		
Die bereiking van uitkomst sal bewys word wanneer studente		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die gepaste leesstrategie kan toepas in die analise van verskillende Afrikaanse en Nederlandse tekste</li> <li>• die estetiese en ideologiese aspekte in Afrikaanse en Nederlandse verhale en gedigte kan analiseer en</li> <li>• krities observerend aan groeps gesprekke kan deelneem deur gebruik te maak van die korrekte terminologie en kommunikasievaardighede.</li> </ul>		
<b>Modulekode: AFL211</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b>
<b>Titel: Afrikaanse en Nederlandse taal- en literatuurstudie</b>		
<b>Module-uitkomst:</b>		
<b>Taalkunde</b>		
Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die ontwikkeling van Afrikaans oorsigtelik te verduidelik, met klem op die sosio-historiese omstandighede;</li> <li>• aan te toon hoe die konstruksie meertaligheid in Suid-Afrika manifesteer deur aandag te gee aan <ul style="list-style-type: none"> <li>○ die meertalige samelewing in Suid-Afrika;</li> <li>○ taalwetgewing; en</li> <li>○ taalbestuursuitdagings; en</li> </ul> </li> <li>• eietydse taalpolitieke standpunte te vergelyk en te evalueer.</li> </ul>		
<b>Letterkunde</b>		
Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• verskillende teoretiese raamwerke te gebruik in die analise en interpretasie van Afrikaanse en Nederlandse literêre tekste en</li> </ul>		

<ul style="list-style-type: none"> <li>• die estetiese, kulturele en die sosiale waardes en tendense te identifiseer en te interpreteer in 'n diachroniese studie van die Afrikaanse en Nederlandse letterkunde.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering: Kontak, voltyds</b>		
<b>Assesseringsmetodes:</b>		
<b>Taalkunde</b>		
Die bereiking van uitkomst sal bewys word wanneer studente		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• in die vorm van 'n klasseminaar die teoretiese raamwerke van die linguistiek kan bespreek</li> <li>• die invloed wat die spraakgemeenskap op variante van Afrikaans uitoefen prakties kan illustreer</li> <li>• kernbegrippe in gesprekvoering oor bepaalde temas korrek interpreteer en gebruik; en</li> <li>• effektief in groepsverband die navorsingsvereistes van projekwerk kan illustreer.</li> </ul>		
<b>Letterkunde</b>		
Die bereiking van uitkomst sal bewys word wanneer studente		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die verskillende teoretiese raamwerke vir die analise van Afrikaanse en Nederlandse tekste kan toepas en</li> <li>• aan die hand van seminare/ groepbesprekings kan gesprekke voer oor temas betreffende die Afrikaanse en Nederlandse letterkunde tot 1960.</li> </ul>		
<b>Modulekode: AFL221</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b>
<b>Titel: Afrikaans en Nederlands: tekslinguistiese perspektiewe en literêre handelinge</b>		
<b>Module-uitkomst:</b>		
<b>Taalkunde</b>		
Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die geslaagtheid al dan nie van 'n verskeidenheid Afrikaanse tekssoorte te bepaal aan die hand van analise en evaluasie;</li> <li>• die keuses van skrywers op onder andere sintaktiese en semantiese vlak te motiveer;</li> <li>• die funksionele aard van verskillende sinskonstruksies en semantiese keuses te identifiseer en verduidelik;</li> <li>• gepaste metodes aan te wend om die leesbaarheidsindeks van tekste te verhoog;</li> <li>• die interdisiplinêre aard van teksproduksie, tekspersepsie en teksinterpretasie te verstaan en te beredeneer;</li> <li>• tegnieke te beskryf aan die hand waarvan skrywersintensie benadruk kan word.</li> </ul>		
<b>Letterkunde</b>		
Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• verskillende teoretiese raamwerke te verstaan en gebruik in die analise en interpretasie van Afrikaanse en Nederlandse literêre tekste;</li> <li>• die estetiese, kulturele en die sosiale waardes en tendense te identifiseer en te interpreteer in 'n diachroniese studie van die Afrikaanse en Nederlandse letterkunde van aanvang tot hede</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering: Kontak, voltyds</b>		
<b>Assesseringsmetodes:</b>		
<b>Taalkunde</b>		
Die bereiking van uitkomst sal bewys word wanneer studente		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• spesifieke temas van die onderskeie taalkomponente kan verduidelik en toepas</li> <li>• fonetiese transkripsies met gemak kan uitvoer en semantiese, sintaktiese en morfologiese verskynsels in teksverband kan identifiseer, analiseer en verduidelik en</li> <li>• op gepaste wyse met inagneming van gespreksgenote effektief in groepe kan kommunikeer met gebruikmaking van die korrekte vakterminologie.</li> </ul>		
<b>Letterkunde</b>		
Die bereiking van uitkomst sal bewys word wanneer studente		

<ul style="list-style-type: none"> <li>• effektief aan groepbesprekings betreffende tersaaklike temas kan deelneem</li> <li>• in staat is om aan die hand verworwe kennis op onafhanklike wyse tekste te ontleed en</li> <li>• 'n klasseminaar kan aanbied waarin kreatiewe werk aan die groep gekommunikeer word.</li> </ul>		
<b>Modulekode: AFLL311</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b>
<b>Titel: Afrikaans en Nederlands: perspektiewe op taal- en letterkunde (1)</b>		
<b>Metode van aflewering: Kontak, voltyds</b>		
<b>Module-uitkomst:</b>		
<b>Taalkunde</b>		
<p>Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• geselekteerde eietydse teoretiese en/of metodologiese benaderings in die taalkunde te verduidelik en toe te pas;</li> <li>• verteenwoordigende Afrikaanse morfologiese konstruksies te analiseer deur van die analisemetodes van die geselekteerde benaderings gebruik te maak; en</li> <li>• diepgaande insig in genoemde konstruksies en in die aard van taal te vertoon deur volledige beskrywings van die eienskappe en kenmerke van geanaliseerde konstruksies te gee.</li> </ul>		
<b>Letterkunde</b>		
<p>Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die werking van poëtikale opvattinge in poëtiese tekste te kan aantoon en interpreteer;</li> <li>• die invloed van teoretiese benaderinge op die bestudering van die poësie en die drama te kan verreken en bespreek;</li> <li>• enkele geselekteerde kontemporêre teoretiese benaderinge te kan gebruik in die analise en interpretasie van poëtiese en dramatiese tekste;</li> <li>• die oeuvres van belangrike Afrikaanse digters en dramaturge deur die bestudering van geselekteerde gedigte en dramas so deeglik te ken dat daar sinvol en uitvoerig geskryf kan word oor die literêr-teoretiese implikasies van tematiek, tegniek en die historiese posisie van hierdie skrywers en hulle werk;</li> <li>• op literatuurwetenskaplike wyse die gedigte en dramas van enkele prominente twintigste-eeuse Nederlandse skrywers te kan beskryf, analiseer en interpreteer</li> </ul>		
<b>Modulekode: AFLL321</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b>
<b>Titel: Afrikaans en Nederlands: Perspektiewe op taal- en letterkunde (2)</b>		
<b>Module-uitkomst:</b>		
<b>Taalkunde</b>		
<p>Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• kernbegrippe van die sosio- en die psigolinguistiek te definieer en toe te pas;</li> <li>• verbande tussen die sosio- en psigolinguistiek onderling, en met grammatikale beskrywing sistematies te verduidelik;</li> <li>• aan te toon hoe taalkontak in Suid-Afrika tot taalbeïnvloeding lei met spesifieke verwysing na kodewisseling in hedendaagse Afrikaans;</li> <li>• aan te dui hoe die veranderende taalomgewing waarbinne Afrikaans sigself bevind 'n invloed op taalstruktuur uitoefen; en</li> </ul> <p>selfstandige data-versameling en data-analise te doen, waarin variante taalvorme geïdentifiseer word en gemotiveerde interpretasies te maak van die moontlike faktore wat die keuse van spesifieke variante ondersteun.</p>		
<b>Letterkunde</b>		
<p>Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n uitvoerige narratologiese analise van geselekteerde Afrikaanse en Nederlandse romans (en in bepaalde gevalle films) te kan maak;</li> <li>• geselekteerde Afrikaanse en Nederlandse prosatekste te interpreteer en te evalueer aan die hand van verskillende poststrukuralistiese literêre teorieë;</li> </ul>		

<ul style="list-style-type: none"> <li>• Afrikaanse en Nederlandse romans te kan vergelyk na aanleiding van tema en styl;</li> <li>• die verhouding tussen teksanalise en literêr-teoretiese interpretasie te begryp en op verantwoorde wyse te gebruik in uitvoerige geskrewe werkstukke</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering: Kontak, voltyds</b>		
<b>Assesseringsmetodes:</b>		
<b>Taalkunde</b>		
Die bereiking van uitkomste sal bewys word wanneer studente		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die geslaagheid al dan nie van 'n verskeidenheid Afrikaanse tekssoorte kan bepaal aan die hand van analise en evaluering</li> <li>• die keuses van skrywers op onder andere sintaktiese en semantiese vlak kan motiveer</li> <li>• gepaste metodes kan aanwend om die leesbaarheidsindeks van tekste te verhoog</li> <li>• selfstandig 'n navorsingsverslag kan skryf deur bronne so te gebruik dat dit spreek van effektiewe navorsingsvaardigheid en</li> <li>• die vakkundige kennis oor die Afrikaanse taalkunde kan oordra en implementeer in beroepsituasies.</li> </ul>		
<b>Letterkunde</b>		
Die bereiking van uitkomste sal bewys word wanneer studente		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• in staat is om op onafhanklike wyse enige ander gedigte, buiten daardie wat in die klasverband hanteer is, kan analiseer en sinvolle kommentaar kan lewer</li> <li>• die kontemporêre literêre teorieë kan toepas op gedigte</li> <li>• in groepsverband gesprekke te kan voor oor relevante temas</li> <li>• sinvol kan gesprek voer oor relevante temas deur die terminologie korrek te gebruik;</li> <li>• selfstandig 'n navorsingsverslag kan skryf deur bronne so te gebruik dat dit spreek van effektiewe navorsingsvaardigheid</li> <li>• in groeps gesprekke kreatief en sinvol kan redeneer oor die rol en waarde van die estetika betreffende ideologiese en etiese kwessies</li> <li>• 'n film selfstandig kan evalueer</li> <li>• die verskille tussen die woordteks en die beeldteks verduidelik, en die vertaling van die woordteks na die beeldteks kan ontleed en</li> <li>• die vakkundige kennis oor die Afrikaanse letterkunde te kan oordra en te implementeer in beroepsituasies.</li> </ul>		
<b>Modulekode: BMAN 111</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b>
<b>Titel: Inleiding tot Ondernemingsbestuur</b>		
<b>Module-uitkomste:</b>		
Na voltooiing van die module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n omvattende en sistematiese kennis van die aard van ondernemingsbestuur, oprigtingsvraagstukke van 'n nuwe onderneming, die verskillende ondernemingsfunksies en die basiese elemente van 'n ondernemingsplan kan beskryf;</li> <li>• vaardighede demonstreer gebaseer op insig van teorieë en konsepte, om oprigtingsvraagstukke van nuwe ondernemings te identifiseer, om verskillende ondernemingsfunksies te identifiseer en om 'n basiese SSGB analise en ondernemingsplan op te stel; en</li> <li>• die vermoë demonstreer om 'n literatuurstudie en omgewingsoorsig te kan uitvoer, 'n verslag voor te berei as individu of as lid van 'n groep te kommunikeer, skriftelik sowel as mondelings tot 'n gehoor.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering: Voltyds en deelyds</b>		
<b>Assesseringsmetodes:</b>		
Formaatief: 3 Klastoetse: gewig – 40 2 klasopdragte: gewig – 10 Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50		
Hierdie is 'n riglyn en onderhewig aan verandering.		

<b>Modulekode: BMAN121</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b>
<b>Titel: Algemene bestuur</b>		
<b>Module-uitkomst:</b>		
Na voltooiing van die module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• bestuur in verskillende kontekste te kan gebruik;</li> <li>• 'n bestuursingesteldheid te toon;</li> <li>• verslag te doen oor bestuur en bestuurders in 'n veranderende wêreld;</li> <li>• die onderliggende beginsels van beplanning kan verstaan en gebruik;</li> <li>• organisasiestruktuurontwerp kan doen en die menslike hulbronproses kan verstaan;</li> <li>• te verstaan hoe om aan werknemers leiding te gee en werknemers te vergoed;</li> <li>• die beginsels van beheer in sake-situasies te kan toepas;</li> <li>• sy kennis in besluitneming te kan toepas;</li> <li>• vertrouwd te wees met die bestuur van verandering, stres en innovasie, motivering, leierskap en vertroue;</li> <li>• sinvol as deel van 'n span te kan funksioneer;</li> <li>• doelwitbestuur te kan evalueer en toepas;</li> <li>• 'n etiese benadering in alle werksaamhede te kan toon;</li> <li>• doeltreffend op 'n individuele grondslag en in groepe te kan kommunikeer; en</li> <li>• ten minste die helfte van sy opdragte in Engels, die sakewêreldtaal, kan doen.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds en deelyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b> Formatief: 2 - 3 Klastoetse: gewig – 30 1 Werksopdrag: gewig – 15 1 - 2 Ander opdragte en/of toetse: gewig – 5 Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50		
Hierdie is 'n riglyn en onderhewig aan verandering.		
<b>Modulekode: BMAN211</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b>
<b>Titel: Inleiding tot Bemerkingsbestuur</b>		
<b>Module-uitkomst:</b>		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die aard van bemerkingsbestuur te verstaan;</li> <li>• 'n oorsig van die bemerkingsomgewing te kan weergee en verstaan;</li> <li>• die rol van bemerkingsinligting in die bemerkingsproses te verduidelik;</li> <li>• die begrip 'bemarkingsnavorsing' akkuraat te kan omskryf;</li> <li>• bemarkingsnavorsing as instrument om inligting in te samel vir probleemoplossing te kan verduidelik;</li> <li>• verbruikersgedrag en verbruikerbesluitneming te kan verduidelik;</li> <li>• die prosesse van marksegmentering, teikenmarkbepaling en posisionering te kan verduidelik; en</li> <li>• die komponente van die bemerkingsmengsel te kan identifiseer en verduidelik.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds en deelyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b> Formatief: 2 - 3 Klastoetse: gewig – 30 1 Werksopdrag: gewig – 15 1 - 2 Ander opdragte en/of toetse: gewig – 5 Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50		
Hierdie is 'n riglyn en onderhewig aan verandering.		
<b>Modulekode: BMAN212</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b>
<b>Titel: Entrepreneuriese vaardighede</b>		
<b>Module-uitkomst:</b>		
Na voltooiing van die module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• te weet hoe om tot hulpbronne benodig vir 'n suksesvolle bestuurs- / entrepreneurskap-loopbaan toegang kan kry;</li> <li>• geleenthede in verskillende bedrywe en studieveldte te kan ontdek;</li> </ul>		





<b>Assesseringsmetodes:</b> Formatief: 2 - 3 Klastoetse: gewig – 35 1 - 2 Werksopdragte: gewig – 20 1 - 2 Ander opdragte: gewig – 15 Summatief: 1 x 2-uur Eksamen: gewig – 30		
Hierdie is 'n riglyn en onderhewig aan verandering.		
<b>Modulekode: ONBP311</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b>
<b>Titel: Lewensvatbaarheidstudies</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Na voltooiing van die module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die konsep lewensvatbaarheid, sy komponente en fases, geleentheididentifisering en -seleksie, die produkontwikkelingsproses, die redes, inligtingsbehoefes, metodes en doel van marktoetsing te verduidelik;</li> <li>• die beplanning en bestuur van die produkbekendstelling, die invloed van aanvaarding van verbruikers, tipes markte en metodes om huidige en toekomstige vraag te bepaal, kragte van mededinging en 'n mededingerontleding te kan omskryf; en</li> <li>• die verskillende begrotings te kan opstel en die tydwaarde van geld en investeringsbesluite te kan uitvoer.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds en deelyds		
Assesseringsmetodes :    Formatief: 3 Klastoetse: gewig – 35 1 Geïntegreerde opdrag: gewig – 10 2 Klasopdragte: gewig – 5 Summatief: 1 x 3-uur eksamen: gewig – 50		
Hierdie is 'n riglyn en is onderhewig aan verandering.		
<b>Modulekode: BMAN311</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b>
<b>Titel: Finansiële Bestuur</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Na voltooiing van die module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n omvattende en sistematiese kennis van finansiële state en kontantbestuur, vaste bates, analise van finansiële bestuur en bedryfskapitaal, tydwaarde van geld, waardasie en interne opbrengskoers, finansiële besluit en dividend beleid te kan demonstreer;</li> <li>• vaardighede gebaseer op ingeligte insig van teorieë en konsepte, evaluering en analisering van finansiële state, berekening van alle berekenings oor die tydwaarde van geld, finansiële aspekte en die neem van besluite gebaseer op hierdie bevindinge te kan demonstreer; en</li> <li>• die vermoë om 'n literatuurstudie en omgewingsverslag uit te voer, 'n verslag oor finansiële vraagstukke voor te berei en as 'n individu of lid van 'n groep dit te kommunikeer, skriftelik of mondelings aan 'n gehoor te demonstreer.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds en deelyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b> Formatief: 3 Klastoetse: gewig – 35 1 Geïntegreerde werksopdrag: gewig – 10 2 Klas opdragte: gewig – 5 Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50		
Hierdie is 'n riglyn en is onderhewig aan verandering.		
<b>Modulekode: BMAN312</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b>
<b>Titel: Entrepreneurskap</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Na voltooiing van die module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• te verstaan wat entrepreneurs en entrepreneurskap behels;</li> <li>• die konteks van entrepreneurskap te kan gebruik;</li> <li>• verslag te doen oor hoe om te werk te gaan in die soeke na lewensvatbare idees;</li> <li>• die onderliggende beginsels van die beplanning van 'n nuwe onderneming te verstaan en te kan gebruik;</li> </ul>		



<ul style="list-style-type: none"> <li>• die verband tussen maatskaplike werk en maatskaplike welsyn;</li> <li>• die verwantskap tussen maatskaplike werk en ander dissiplines; die intervensiemetodes van maatskaplike werk; en</li> <li>• die maatskaplike diensleweringstelsel.</li> </ul>		
<b>Modulekode: BSWG112</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5a(5)</b>
<b>Titel: Menslike gedrag in die maatskaplike omgewing oor die lewensverloop</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis en begrip te demonstree van die normale/gesonde maatskaplike ontwikkeling van die mens oor sy/haar lewensverloop;</li> <li>• sy/haar kennis en begrip te kan demonstree in die verskil tussen normale/gesonde en abnormale/ongesonde maatskaplike ontwikkeling;</li> <li>• kennis en begrip demonstree van die maatskaplike omstandighede wat 'n bydrae lewer tot en 'n invloed uitoeven op menslike funksionering.</li> </ul>		
<b>Modulekode: BSWG113</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5a(5)</b>
<b>Titel: Inleiding tot professionele gedrag</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• sy/haar kennis en insig van selfkennis, en kulturele diversiteit in maatskaplike werk te kan demonstree;</li> <li>• vaardighede te toon om onderhoude te kan voer;</li> <li>• volledig, noukeurig en deeglik verslag te kan doen oor werk; en 'n ontwikkelende sensitiwiteit vir kultuurverskille te kan openbaar.</li> </ul>		
<b>Modulekode: BSWG121</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5a(5)</b>
<b>Titel: Lewensvaardighede en berading</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis en begrip van lewensvaardighede as 'n primêre, sekondêre en tersiêre voorkomingsmeganisme te demonstree;</li> <li>• bedrewenheid in die ontwerp en implementering van lewensvaardighedsprogramme te openbaar.</li> </ul>		
<b>Modulekode: BSWG122</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5a(5)</b>
<b>Titel: Die wese van maatskaplike ontwikkeling</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis en begrip te demonstree van maatskaplike ontwikkeling as 'n benadering in maatskaplike werk;</li> <li>• te kan beskryf hoe maatskaplike ontwikkeling deur maatskaplike werk tot stand kom;</li> <li>• die aard van maatskaplike ontwikkelingsdienste in Suid-Afrika kan verduidelik.</li> </ul>		
<b>Modulekode: BSWG211</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5b(6)</b>
<b>Titel: Maatskaplike gevallewerk: teorie en praktyk</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis en begrip van die aard van gevallewerk as metode in maatskaplike werk kan demonstree;</li> <li>• kennis en begrip van individuele- en gesinsintervensie-prosesse kan demonstree;</li> <li>• kennis en begrip van onderhoudsvoering, sowel as van die vermoë om vir die onderhoud voor te berei, kan demonstree;</li> <li>• oor die vermoë beskik om die waardes, etiese beginsels en wetlike verpligtinge verbonde aan maatskaplike gevallewerk toe te pas;</li> <li>• oor die vermoë beskik om professionele gedrag, soos bepaal deur die etiese kode vir Suid-Afrikaanse maatskaplike werkers, te evalueer;</li> <li>• oor die vermoë beskik om etiese besluite te neem en sy/haar keuses te motiveer;</li> <li>• oor die vermoë beskik om maatskaplike gevallewerk-verslae te kan skryf.</li> </ul>		
<b>Modulekode: BSWG212</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5b(6)</b>
<b>Titel: Kindersorgwetgewing en verbandhoudende maatskaplikewerk-intervensies</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		

<ul style="list-style-type: none"> <li>kan onderskei tussen die voorkomende kindgesentreerde dienste, vroeë intervensie-strategieë, statutêre diens-lewering en 'n kontinuum van maatskaplikewerk-dienste wat in Suid Afrika aan kinders gelewer word;</li> <li>dienste en operasionele strategieë vir kinders en jeugdiges in die gemeenskap kan identifiseer, analiseer en beskryf en dit in belang van kinders en jeugdiges in die praktyk aan kan wend; en</li> <li>kennis en begrip kan demonstreer oor hoe om kinders volgens bepaalde wetgewing, etiese optrede, waardes en norme te beskerm en om dienste te beplan wat spesifiek op hulle behoeftes afgestem is</li> </ul>		
<b>Modulekode: BSWG213</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5b(6)</b>
<b>Titel: Inleiding tot maatskaplike beleid, maatskaplike welsynsbeleid en maatskaplikewerkbeleid</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>begrip van die sleutelemente, funksies, beginsels en die ontwikkeling van maatskaplike welsynsbeleid en die rol van die maatskaplike werker kan demonstreer;</li> <li>begrip van die Suid-Afrikaanse welsynsisteem kan demonstreer</li> </ul>		
<b>Modulekode: BSWG221</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5b(6)</b>
<b>Titel: Maatskaplike groepwerk as 'n metode: teorie en praktyk</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>insig kan demonstreer van die rol van maatskaplike groepwerk as een van die metodes van maatskaplike werk;</li> <li>die groep as 'n holistiese sisteem kan verstaan;</li> <li>die waardes en beginsels van maatskaplike groepwerk kan identifiseer en demonstreer hoe hierdie waardes en beginsels in die praktyk toegepas kan word;</li> <li>die verskillende soorte groepe in maatskaplike groepwerk kan evalueer;</li> <li>die verskillende take in die beplanning van maatskaplike groepwerk kan identifiseer;</li> <li>tussen die verskillende fases van die maatskaplike groepwerkproses en die rolle van die maatskaplike werker tydens elkeen, kan onderskei (horisontale en vertikale benadering)</li> <li>hierdie fases tydens dienslewering aan 'n groep kan implementeer;</li> <li>'n voorstel kan skryf waardeur 'n instansie ooreed word van die behoefte aan 'n groepwerk groep.</li> </ul>		
<b>Modulekode: BSWG222</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5b(6)</b>
<b>Titel: Gemeenskapswerk as 'n metode: teorie en praktyk</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>sy/haar kennis van die aard en konteks van gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkeling kan <i>demonstreer</i>,</li> <li>vir hom/haarself 'n persoonlike diensleweringscredo – wat gebaseer is op die etiese beginsels van maatskaplike werk – <i>kan formuleer</i>,</li> <li>bepaalde gemeenskapswerkverwante vaardighede – wat insluit om in groepe saam te werk, praktyksituasies krities te analiseer, gedagtes skriftelik te formuleer en openbare voordragte kan maak – <i>toe kan pas</i> en</li> <li>vorige toepassings van die gemeenskapsopvoedingsmodel van gemeenskapswerk <i>kan evalueer</i> en aan die hand daarvan, asook sy/haar nuut verworwe kennis en insig, riglyne vir die verbeterde toepassing daarvan <i>kan formuleer</i>.</li> </ul>		
<b>Modulekode: BSWG223</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5b(6)</b>
<b>Titel: Basiese beginsels van maatskaplikewerkbestuur</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>deeglike kennis van die bestuursproses kan demonstreer;</li> <li>bestuurstrategieë effektief kan selekteer en toepas; en</li> <li>die rolle en funksies van bestuur kan toepas</li> </ul>		

<b>Modulekode: BSWG224</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5b(6)</b>
<b>Titel: Menseregte en maatskaplike geregtigheid</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die konsep 'menseregte' kan verduidelik;</li> <li>• die konsepte 'maatskaplike geregtigheid' en 'maatskaplike ongeregtigheid' kan bespreek;</li> <li>• kan verduidelik hoe die doelstellings van maatskaplike werk binne die raamwerk van maatskaplike geregtigheid inpas;</li> <li>• die artikels toepaslik vir maatskaplike werk in die relevante Verenigde Nasies dokumentasie kan identifiseer;</li> <li>• die konsep van menseregte soos vervat in die Handves van Menseregte en beskryf in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, in maatskaplike werk kan toepas;</li> <li>• die missie en funksies van die Menseregtekommissie kan beskryf.</li> </ul>		
<b>Modulekode: BSWG311</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6(7)</b>
<b>Titel: Benaderings, teorieë en modelle in maatskaplike werk</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• kan verduidelik hoe die kennisbasis van maatskaplike werk saamgestel is;</li> <li>• 'n goeie begrip van die kennisbasis van die verskillende benaderings en modelle in maatskaplike werk kan demonstreer;</li> <li>• kan onderskei tussen die verskillende soorte teorieë, modelle en benaderings in maatskaplike werk;</li> <li>• die teoretiese basis en aard van die sekere benaderings en modelle kan beskryf.</li> </ul>		
<b>Modulekode: BSWG312</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6(7)</b>
<b>Titel: Gevorderde maatskaplike gevallewerk: teorie en praktyk</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• weerstand by kliënte kan hanteer;</li> <li>• 'n ekosistemiese assessering van die kliënt en sy omgewing kan doen;</li> <li>• relevante tegnieke met individue en hul omgewings toe kan pas;</li> <li>• die evaluering- en assesseringsinstrumente in mikro-praktyk/kliniese maatskaplike werk kan gebruik;</li> <li>• die modelle en benaderings in sy praktyk kan toepas</li> </ul>		
<b>Modulekode: BSWG313</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6(7)</b>
<b>Titel: Gevorderde gemeenskapswerk: teorie en praktyk</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• sy/haar kennis en insig van die aard en veral toepassing van gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkeling <i>kan demonstreer</i>;</li> <li>• bepaalde gemeenskapswerkverwante vaardighede <i>toe kan pas</i> – wat insluit om in groepe saam te werk, praktyksituasies krities te analiseer, beplande gemeenskapswerkoptrede skriftelik te formuleer en openbare voordragte kan maak;</li> <li>• een of meer van die vyf gemeenskapswerkmodelle (in die vorm van praktyknaboosings) <i>kan toepas</i>.</li> </ul>		
<b>Modulekode: BSWG321</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6(7)</b>
<b>Titel: Gevorderde maatskaplike groepwerk: teorie en praktyk</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• sy/haar bevoegdheid kan demonstreer deur die verskillende modelle en teorieë in maatskaplike groepwerk van mekaar te onderskei, te evalueer en toe te pas;</li> <li>• maatskaplike groepwerk intervensies kan beplan en toepas;</li> <li>• die verskillende leierskapsrolle en vaardighede van die maatskaplike werker kan onderskei en in die praktyk kan toepas;</li> <li>• die vaardigheid kan demonstreer om met verskillende tipes gedragswyses in 'n groep te handel;</li> <li>• kan demonstreer hoe diversiteit in 'n groep hanteer sal word;</li> </ul>		

<ul style="list-style-type: none"> <li>• die noodsaaklikheid van evaluering en meting in maatskaplike groepwerk kan bewys en 'n eie evalueringsraamwerk saam kan stel;</li> <li>• 'n maatskaplike groepwerk projek kan evalueer; en</li> <li>• 'n maatskaplike groepwerk projek van ses byeenkomste aan kan bied.</li> </ul>		
<b>Modulekode: BSWG322</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6(7)</b>
<b>Titel: Maatskaplike werk met gesinne en kinders: konsepte en vaardighede vir effektiewe dienslewering</b>		
<p><b>Module-uitkomst:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die nodige vaardighede en tegnieke in huweliksbegeleiding en –berading kan identifiseer;</li> <li>• 'n koherente en kritiese begrip van huweliksprobleme hê;</li> <li>• 'n indiepte en sistematiese kennisbasis waarbinne met kinders gewerk word, kan formuleer en motiveer;</li> <li>• die vereistes waaraan 'n maatskaplike werker wat met kinders werk moet beantwoord, kan verduidelik;</li> <li>• die toepaslike vaardighede en tegnieke om kinders kan hanteer, te selekteer; en</li> <li>• met sensitiwiteit en empatie teenoor kliënte kan optree.</li> </ul>		
<b>Modulekode: BSWG323</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6(7)</b>
<b>Titel: Gevorderde maatskaplike beleid, maatskaplike welsynsbeleid en maatskaplikewerkbeleid</b>		
<p><b>Module-uitkomst:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die voorsiening van welsynsdienste in Suid-Afrika krities kan beoordeel;</li> <li>• maatskaplike bestaansbeveiliging in Suid-Afrika krities kan beoordeel;</li> <li>• die huidige status en posisie van die maatskaplikewerk-professie binne die Suid-Afrikaanse konteks krities kan beoordeel.</li> </ul>		
<b>Modulekode: BSWG411</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 7(8)</b>
<b>Titel: Misdaad en forensiese maatskaplike werk (PK &amp; VDK)</b>		
<b>Module-uitkomste:</b>		
Na afhandeling van die module Taalvaardighede in Regskonteks moet die student die volgende demonstreeer:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis en 'n ingeligte begrip van en toepassing van die volgende: grammatikale strukture in Engels en Afrikaans of Tswana binne regskonteks, 'n breedvoerige Engels en Afrikaans of Tswana woordeskat wat met die regsomgewing verband hou en verskillende skryfstylle en leesvaardighede van toepassing op die regsprofessie;</li> <li>• die vermoë om 'n kombinasie van leesbegripvaardighede (insluitende vertalingsvaardighede) te kies en toe te pas in die onderskeiding, analisering, interpretasie en kritiese evaluasie van verskillende tekste;</li> <li>• die vermoë om duidelik en logies, en in skrif ooreenkomstig die Fakulteit Regte se stylvereistes, te kommunikeer en/of krities te argumenteer oor 'n regskwessie, -vraag of -probleem op 'n akkurate, effektiewe en samehangende manier, met inbegrip van die reëls oor plagiaat;</li> <li>• die vermoë om as deel van 'n groep te funksioneer en gepaste bydraes te maak deur die gebruik van verskeie standaard regsvaardighede ten einde take en projekte suksesvol te voltooi, mede-verantwoordelikheid vir leerprosesse en die realisering van gesamentlike doelwitte; en</li> <li>• Monitor en reflekteer oor eie leervordering en implementeer leerstrategieë ten einde leer te bevorder en die fondasie vir verdere regstudie en lewenslange toepassing en ontwikkeling van vaardighede te lê.</li> </ul>		
Metode van Aflewering: Voltyds		
<b>Modulekode: IURI211 (12)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b>
<b>Titel: Strafreë: Algemene Beginsels</b>		
<b>Module-uitkomste:</b>		
Na afhandeling van die module moet die student die volgende demonstreeer:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die plek van die Strafreë in die regstelsel;</li> <li>• die geskiedenis en bronne van die Strafreë;</li> <li>• strafteorieë;</li> <li>• die algemene elemente van 'n misdaad;</li> <li>• deelneming aan misdaad; en</li> <li>• poging, sameswering en uitlokking.</li> <li>• 'n Deeglike begrip van die interne skryfstylvereistes, sleutel terme, prosedures, formate en konvensies, teorieë en beginsels in beredenering en die oplossing van probleme</li> <li>• Die vaardigheid om probleme op te los deur middel van kritiese ontleding, die verkryging van inligting, evaluering van die verkreeë inligting en die formulering en aanbieding van moontlike oplossings vir goed gedefinieerde maar onbekende probleme in die veld van strafreg.</li> <li>• Die vaardigheid om probleme op te los deur middel van kritiese ontleding, die verkryging van inligting, evaluering van die verkreeë inligting en die formulering en aanbieding van moontlike oplossings vir goed gedefinieerde maar onbekende probleme in die veld van strafreg.</li> </ul>		
Metode van Aflewering: Voltyds		
<b>Modulekode: IURI212 (12)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b>
<b>Titel: Staatsreg</b>		
<b>Module-uitkomste:</b>		
Na afhandeling van die module moet die student die volgende demonstreeer:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Grondige kennis aangaande Staatsreg en die vernaamste velde wat dit insluit, asook die vermoë om werklikheidsverwante scenario's (goed gedefinieerde maar onbekende probleme binne bekende kontekste) voortspruitend uit problematiese Suid-Afrikaanse strukturele Grondwetlike regskwessies, te ontleed;</li> </ul>		

<ul style="list-style-type: none"> <li>• die vasstelling van inligtingstekorte betreffende problematiese kwessies, die beplanning van elementêre navorsing in dié opsig, die verkryging van toegang tot tersaaklike bronne en die versameling van toepaslike inligting;</li> <li>• die doelmatige integrering van bekomde inligting en aanbied van vindingryke oplossings deur die gebruik van algemene terminologie, leerstellings, onderliggende en gevestigde teorieë en beginsels, verwante konsepte, prosesse, prosedures en tegnieke in Staatsreg. Leerders moet ook in staat wees om 'n akademies-professionele diskoers mondeling en/of skriftelik samehangend te kan voer; en oplossings moet aan professionele- asook leke-gehore, individueel of in groepsverband, voorgelê kan word deur gebruik te maak van toepaslike elektroniese toerusting en aanvaarbare formate gebaseer op spesifieke konvensies om sodoende ingeligtheid aangaande verwante gebiede te toon.</li> </ul>		
Metode van Aflewering: Voltyds		
<b>Modulekode: IURI213</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b>
<b>Titel: Regsinterpretasie</b>		
<b>Module-uitkomste:</b>		
Na afhandeling van die module moet die student die volgende demonstree:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n soliede kennis van die verskillende benaderings tot wetsuitleg met betrekking tot die terminologie, teorieë en beginsels wat wetsuitleg onderlê;</li> <li>• die vermoë om individueel en in groepsverband verskillende interpretasies te gee van feitestelle wat gebaseer is op regsargumentasie;</li> <li>• die vermoë om bevindinge/verslae/interpretasies mondeling en geskrewe in die huisstyl van die fakulteit volgens goedgekeurde konvensies en formate weer te gee en om voorstellings daarvan te kan maak volgens die gepaste/gekose tegnologie;</li> <li>• die vermoë om 'n etiese en waardegedrewe benadering in alle kommunikasie te bewys.</li> </ul>		
Metode van Aflewering: Voltyds		
<b>Modulekode: IURI221 (12)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b>
<b>Titel: Strafreë: Besondere Misdade</b>		
<b>Module-uitkomste:</b>		
Na afhandeling van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Grondige kennisbasis van die Strafreë te kan weergee met spesifieke verwysing na die beginsels wat 'n seleksie van spesifieke misdade teen die staat, die persoon en liggaamlike vryheid of integriteit en teen eiendom beheer.</li> <li>• Die terminologie wat spesifiek op die Strafreë van toepassing is binne konteks in geskrewe en mondelinge aanbieding te kan toepas.</li> <li>• Misdade binne die Strafreë ingevolge die gemene reg en statutêre bedeling te kan analiseer en om die relevante statutêre en gemeenregtelike reëls en beginsels waarop die staat oortreders kan skuldig bevind en straf vir die onregmatige, strafbare handeling en of versuim, wat spesifieke misdade daarstel aan te dui binne konteks en te kan toepas in feitestelle.</li> <li>• Probleme te kan oplos deur feitestelle te analiseer en oplossings te formuleer met verwysing na die toepaslike regspraak en statutêre bepalinge.</li> </ul>		
Eie standpunte te kan weergee in die klas tydens groep- en ander besprekings of voordragte op sinvolle en logiese manier wat spreek van 'n gesonde etiese en waardegedrewe inslag.		
Metode van Aflewering: Voltyds		
<b>Modulekode: IURI222</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b>
<b>Titel: Arbeidsreg</b>		
<b>Module-uitkomste:</b>		
Na afhandeling van die module moet die student die volgende demonstree:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• vertrou te wees met die terminologie van arbeidsreg en dit korrek te kan toepas;</li> <li>• in staat te wees om die bronne van arbeidsreg te hanteer en dit korrek te kan toepas;</li> <li>• die jongste en moderne tendense en ontwikkelings in die besluite van die KVBA, en</li> </ul>		

<p>arbeidshowe en wetgewing te ken;</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die gemenerregsbeginsels en die statutêre bepalinge van toepassing op die arbeidsregsveld, die wisselwerking daarvan, die interpretasie en die toepassing daarvan deur middel van regspraak / hofsake en standpunte van verskillende outeurs te ken;</li> <li>• jy in staat wees om jou eie mening oor aangeleenthede of beginsels te vorm; en in staat te wees om hierdie kennis verstandig in feitelike opsette toe te pas.</li> </ul>		
Metode van Aflewering: Voltyds		
<b>Modulekode: IURI223 (12)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b>
<b>Titel: Fundamentele Regte</b>		
<b>Module-uitkomste:</b>		
Na afhandeling van die module moet die student die volgende demonstreer:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n afgeronde en sistematiese kennis van die terminologie, geskiedenis, teorie en klassifikasie van menseregte en fundamentele regte in die algemeen; die toepassing, beperking en interpretasie van die Suid-Afrikaanse Handves van Regte in die algemeen, en van spesifiek die volgende groepe regte in die Handves van Regte: die normatiewe fundamentele regte; die afweerregte; die gemeenskapgeoriënteerde fundamentele regte; die fundamentele regte op staatsprestasie; en die prosessuele fundamentele regte;</li> <li>• die vermoë om teoretiese en praktiese vraagstukke in komplekse feitestelle krities te analiseer deur die toepassing van die basiese terminologie, reëls, beginsels en teorieë van Fundamentele Regte in die formulering van samehangende, gemotiveerde en waardegedrewe oplossings vir komplekse probleme in onbekende kontekste in hierdie studieveld;</li> <li>• die vermoë om standpunt in te neem oor etiese vraagstukke onderliggend aan spesifieke aangeleenthede in Fundamentele Regte; en</li> <li>• die vermoë om regsnavorsing te onderneem, relevante etiese en regsvraagstukke te identifiseer, voorgeskrewe en self-geïdentifiseerde materiaal krities te analiseer, kreatief te dink, individueel of in groepe regsargumente samehangend, akkuraat en bondig te formuleer en aan te bied.</li> </ul>		
Metode van Aflewering: Voltyds		
<b>Modulekode: IURI271 (16)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b>
<b>Titel: Strafprosesreg</b>		
<b>Module-uitkomste:</b>		
Na afhandeling van die module moet die student die volgende demonstreer:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Deeglike kennis en grondige begrip van die terminologie, beginsels en prosedure van die <i>Strafproseswet</i>, die <i>Child Justice Act</i> en ander regsvoorskrifte met besondere verwysing na: die algemene verloop van 'n strafsak; die tersaaklike waardes van die strafregstelsel; strafhowe en hulle jurisdiksie; beginsels rakende die vervolging van misdade en die rol van verskillende amptenare; die strafproses voor die verhoor; borgansoeke en alternatiewe optrede in plaas daarvan; enaktes van beskuldiging en klagstate.</li> <li>• Die vermoë om tersaaklike regsreëls en -beginsels te identifiseer en toe te pas sodat duidelik gedefinieerde maar onbekende feitelike en regsprobleme opgelos kan word</li> <li>• deur gebruik te maak van die korrekte prosedure en toepaslike bewyse.</li> <li>• Die vermoë om inligting en oplossings samehangend en duidelik met mekaar in verband te bring deur die gebruik van professionele formate, insluitend die opstel van relevante dokumente gedurende 'n strafverhoor.</li> <li>• Die vermoë om oplossings sodanig met toepaslike tegnologie te integreer dat dit, eties geloofwaardig en waardegebaseer, aan akademies-professionele persone uitgelê kan word.</li> </ul>		
Metode van Aflewering: Voltyds		

<b>Modulekode: IURI272 (16)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b>
<b>Titel: Sakereg</b>		
<b>Module-uitkomst:</b>		
Na afhandeling van die module moet die student die volgende demonstreer:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>Bewys lewer van 'n grondige kennis van die volgende aspekte van Sakereg: Die regsverhouding tussen persone en bates met betrekking tot die aard van die bates en die oorsprong, gevolge en beëindiging van elke sodanige verhouding; Die vereistes vir die verkryging, gevolge en beskerming van eiendomsreg, besit, houerenskap en beperkte saaklike regte; en Die beskerming van eiendom as 'n grondwetlike reg;</li> <li>Die vermoë om die kennis toe te pas deur die leerstof doeltreffend te selekteer en te gebruik met die oog op die oplossing van 'n goed omskrewe maar onbekende regsprobleem deur die gebruik van relevante kennis, korrekte prosedure en geskikte bewysmateriaal;</li> <li>Die vermoë om die leerstof krities te analiseer en doeltreffend en verstaanbaar te kommunikeer; en</li> <li>Die vermoë om eties en waardegedrewe in die toepassing van die vakgebied op te tree.</li> </ul>		
Metode van Aflewering: Voltyds		
<b>Modulekode: IURI273 (8)</b>	<b>Semester 1 &amp; 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b>
<b>Titel: Delikereg</b>		
<b>Module-uitkomst:</b>		
Na afhandeling van die module moet die student die volgende demonstreer:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>vertroud te wees met die omstandighede waaronder delikte plaasvind en deliktuele aanspreeklikheid ontstaan.</li> <li>kennis te dra van die verhouding en wisselwerking tussen die deliktereg en ander vakterreine binne die privaatreë.</li> <li>die reëls en vereistes vir die ontstaan en tot niet gaan van deliktuele aanspreeklikheid en remedies te ken en verstaan.</li> <li>in staat te wees om die reëls op praktiese gevalle toe te pas.</li> <li>sodanig vertrouwd te wees met grondslae van die vakterrein dat u eendag as praktisyn in staat sal wees om met selfvertroue praktiese gevalle in u praktyk te kan hanteer en oplos.</li> <li>die vermoë om verskillende bronne oor dieselfde onderwerp te integreer en krities met mekaar te vergelyk verder uitgebou het.</li> <li>in staat te wees om by te hou met die veranderinge wat op die vakterrein gaan plaasvind.</li> </ul>		
Metode van Aflewering: Voltyds		
<b>Modulekode: IURI274 (8)</b>	<b>Semester 1 &amp; 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b>
<b>Titel: Taalvaardigheid in Regskonteks II</b>		
<b>Module-uitkomst:</b>		
Na afhandeling van die module moet die student die volgende demonstreer:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>gedetailleerde kennis en begrip rakende effektiewe kommunikasie teorieë asook kommunikasie modelle soos van toepassing op die regsberoep;</li> <li>'n vermoë om navorsing te doen volgens geselekteerde metodologieë en om op logiese en samehangende wyse regstekste (insluitende verhandelinge en regsopinies) saam te stel en te skryf wat aan die professionele taal (spelling, grammatika) en formateringstandaarde voldoen;</li> <li>begrip vir die praktyk bestaande uit duidelike en logiese verbale kommunikasie;</li> <li>vermoë om duidelik en logies op skriftelike wyse en/of by wyse van kritiese argumente asook by wyse van vrae of probleme rakende regsangeleenthede, volgens die Regsfakulteit se stylvereistes via verskillende tegnologieë en media op 'n akkurate, effektiewe en samehangende wyse met begrip rakende die reëls van plagiaat, te</li> </ul>		

kommunikeer; <ul style="list-style-type: none"> <li>• vermoë om in groepsverband te werk en betekenisvolle bydraes te lewer deur gebruik te maak van meerdere regs- en taalvaardighede ten einde geskrewe en ander kommunikasie take en projekte suksesvol te voltooi en verantwoordelikheid te neem vir die bemeestering van taalvaardighede en die realisering van kollektiewe doelwitte;</li> <li>• die vermoë om eie leerprosesse te monitor en daaroor na te dink, die verwerwing van verskillende taalvaardighede en die gebruik van relevante leerstrategieë ten einde die vermoë om verbaal en skriftelik te kommunikeer te verbeter en om 'n grondslag te lê vir die regspraktyk asook die lewenslange toepassing en ontwikkeling van taalvaardighede; en</li> <li>• kennis van en die vermoë om op effektiewe en korrekte wyse 'n omvangryke woordeskat in Afrikaans, Engels of SeSotho (soos toepaslik) te gebruik.</li> </ul>		
Metode van Aflewering: Voltyds		
<b>Modulekode: IURI373 (12)</b>	<b>Semester 1 &amp; 2</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b>
<b>Titel: Kontraktereg</b>		
<b>Module-uitkomst:</b>		
Na afhandeling van die module moet die student die volgende demonstree:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Goed afgeronde en sistematiese kennis met spesifieke verwysing na die regsbeginsels van toepassing op die kontraktereg;</li> <li>• die vermoë om 'n feitestel te analiseer, die kennis toe te pas en moontlike oplossings te formuleer;</li> <li>• die vermoë om aan die hand van 'n feitestel die reg na te vors, moontlike oplossings te evalueer en die beste geïntegreerde oplossing vir die probleem te formuleer; en</li> <li>• die vermoë om die reg, toegepas op verskillende feitelike situasies, skriftelik en mondeling te kommunikeer;</li> <li>• vertrouwd te wees met die borg-, huur- en koopkontrakte asook met krediet-ooreenkomste en ooreenkomste vir die vervreemding van grond. U moet in staat wees om die toepaslike beginsels op praktiese gevalle toe te pas;</li> <li>• die vermoë te hê om tred te hou met veranderings op die vakterrein;</li> <li>• die nodige navorsing te kan doen ten einde oplossings vir probleme wat in die praktyk voorkom te vind;</li> <li>• te weet hoe om etiese aspekte wat mag opduik te hanteer; en</li> <li>• die vermoë te hê om die spesifieke kontrakte te interpreteer.</li> </ul>		
Metode van Aflewering: Voltyds		
<b>Modulekode: IURI412</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b>
<b>Titel: Inleiding tot die Regsfilosofie</b>		
<b>Module-uitkomst:</b>		
Na afhandeling van die module moet die student die volgende demonstree:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis van filosofie, die geskiedenis van filosofie en kennis van die verskillende vertakings van filosofie;</li> <li>• die praktiese toepassing van filosofiese rede en redenasie deur implementering van die 'instrumentetas' in Leereenheid 1;</li> <li>• 'n afgeronde en stelselmatige kennis van die terminologie van regsleer en verskillende teoretiese benaderings tot die wet en regstudies, met spesifieke verwysing na:</li> <li>• 'n inleiding tot filosofie in die algemeen; Westerse regsleertradisies; Twintigste eeuse regsleerdebatte; en Huidige regsleervraagstukke.</li> <li>• Die vermoë om verskillende standpunte krities te vergelyk en om u eie gestaafde idees oor die vraagstukke te gee;</li> <li>• Die vermoë om die nodige inligting op te spoor om 'n probleem op te los of om vraagstukke of onderwerpe in regsleer te ontleed en te evalueer; en</li> </ul> Die vermoë om oplossings vir probleme te kommunikeer en u standpunt en idees op verskeie maniere doeltreffend oor te dra.		
Metode van Aflewering: Voltyds		

<b>Modulekode: JURI215</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b>
<b>Titel: Ondernemingsreg</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Na voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n goedgevormde sistematiese kennis van Ondernemingsreg met besondere verwysing na die beginsels wat die reg ten opsigte van vennootskappe, ondernemingstrusts, maatskappye en Beslote Korporasies onderlê;</li> <li>• korrekte gebruik van terminologie en terme wat eie is aan die ondernemingsreg, insluitend die begrip regs persoonlikheid in ondernemingsverband, in mondelinge en geskrewe kommunikasie asook teen die agtergrond van die reg ten opsigte van kontrakte;</li> <li>• moet begrippe en konsepte gemeenskaplik aan die verskillende vertakings van Ondernemingsreg analiseer en die beginsels daarvan in feitelike situasies gevind in die reële ondernemingswêreld kan toepas;</li> <li>• moet op 'n deeglik gemotiveerde wyse, met behulp van analisering van feitelike situasies en teen die agtergrond van die beginsels van die ondernemingsreg soos gevind in relevante gemene reg, toepaslike regspraak en statutêre reg, probleme kan oplos; en</li> <li>• op 'n logiese en duidelike wyse en met 'n goedgefundeerde regs- en waardegebaseerde begroning oplossings kan gee vir ondernemingsreg-gebaseerde probleme wat oorleuel met verbandhoudende regsgebiede.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b> Formatief: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50% Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		
<b>Modulekode: JURI217</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b>
<b>Titel: Uitleg van wette</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Na voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n soliede kennis van die verskillende benaderings tot wetsuitleg met betrekking tot die terminologie, teorieë en beginsels wat wetsuitleg onderlê;</li> <li>• die vermoë om individueel en in groepsverband verskillende interpretasies te gee van feitestelle wat gebaseer is op regsargumentasie;</li> <li>• die vermoë om bevindinge/verslae/interpretasies mondeling en geskrewe in die huisstyl van die fakulteit volgens goedgekeurde konvensies en formate weer te gee en om voorstellings daarvan te kan maak volgens die gepaste/gekose tegnologie;</li> <li>• die vermoë om 'n etiese en waardegedrewe benadering in alle kommunikasie te bewys.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b> Formatief: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50% Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		
<b>Modulekode: JURI224</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b>
<b>Titel: Arbeidsreg</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Na voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n goedaferonde en sistematiese kennis van die Arbeidsreg met verwysing na die beginsels wat die dienskontrak beheer, die prosedures wat deur wetgewing voorgeskryf is, die individuele en kollektiewe arbeidsverhoudinge en die invloed van die Grondwet op hierdie aspekte;</li> <li>• moet probleme kan oplos deur feitestelle te analiseer en bronne van spesifieke arbeidsreggevalle te identifiseer, inligting te versamel en toe te pas en behoorlike argumente te voer om op 'n geordende manier oplossings te formuleer met verwysing na die toepaslike regspraak en statutêre bepalinge; en;</li> <li>• eie standpunte moet in die klas weergegee kan word tydens groep- en ander</li> </ul>		

besprekings of voordragte op sinvolle en logiese wyse wat spreek van 'n gesonde etiese en waardegedrewe inslag.		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds en deelyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b> Formatief: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50% Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		
<b>Modulekode: JURI225</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b>
<b>Titel: Deliktereg</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Na voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n grondige kennis van die beginsels van deliktereg, omstandighede waaronder delikte en deliktuele aanspreeklikheid mag ontstaan, die vereistes vir die totstandkoming en beëindiging van deliktuele aanspreeklikheid en die verskillende beskikbare regsgrondige remedies beskikbaar in die privaatreë en nuwe grondwetlike bedeling;</li> <li>• begrip van die verhouding en interaksie tussen die deliktereg en die vermoë om tersaaklike inligting uit ander regsvelde, byvoorbeeld strafreg, te put;</li> <li>• die vermoë om praktiese en elementêre werklikheidsverwante probleme op sistematiese wyse op te los deur analisering van die probleem, versameling van inligting, evaluering van verkreeë inligting en die integrering van die inligting in 'n moontlike/voorgestelde oplossing; en</li> <li>• oplossings moet mondeling of skriftelik aan professionele- asook leke-gehore voorgelê kan word, ondersteun deur toepaslike elektroniese toerusting, regsgrondige argumentering en diskoers gebaseer op eties geloofwaardige en waardegedrewe beginsels.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds en deelyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b> Formatief: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50% Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		
<b>Modulekode: JURI313</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b>
<b>Titel: Inleiding tot Algemene Regsleer</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Na voltooiing van hierdie module moet studente die volgende demonstreer:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis van filosofie, die geskiedenis van filosofie en kennis van die verskillende vertakings van filosofie</li> <li>• die praktiese toepassing van filosofiese rede en redenasie deur implementering van die 'instrumentetas' in Leereenheid 1; 'n afgeronde en stelselmatige kennis van die terminologie van regsleer en verskillende teoretiese benaderings tot die wet en regstudies, met spesifieke verwysing na 'n inleiding tot filosofie in die algemeen; Westerse regsleertradisies; Twintigste eeuse regsleerdebatte; en Huidige regsleervraagstukke.</li> <li>• Die vermoë om verskillende standpunte krities te vergelyk en om u eie gestaaftde idees oor die vraagstukke te gee</li> <li>• Die vermoë om die nodige inligting op te spoor om 'n probleem op te los of om vraagstukke of onderwerpe in regsleer te ontleed en te evalueer; en</li> <li>• Die vermoë om oplossings vir probleme te kommunikeer en u standpunt en idees op verskeie maniere doeltreffend oor te dra.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds en deelyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b> Formatief: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50% Hierdie is 'n riglyn en mag verander.		



<b>Modulekode: JURI315</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b>
<b>Titel: Kontraktereg</b>		
<p><b>Module-uitkomst:</b> Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n goed afgeronde en sistematiese kennis met spesifieke verwysing na die regsbeginsels van toepassing op die kontraktereg;</li> <li>• die vermoë om 'n feitestel te analiseer, die kennis toe te pas en moontlike oplossings te formuleer;</li> <li>• die vermoë om aan die hand van 'n feitestel die reg na te vors, moontlike oplossings te evalueer en die beste geïntegreerde oplossing vir die probleem te formuleer; en</li> <li>• die vermoë om die reg, toegepas op verskillende feitelike situasies, skriftelik en mondeling te kommunikeer.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds en deelyds		
<p><b>Assesseringsmetodes:</b> Formatief: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50% Hierdie is 'n riglyn en mag verander.</p>		
<b>Modulekode: JURI321</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b>
<b>Titel: Administratiewe reg</b>		
<p><b>Module-uitkomst:</b> Na voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n afgeronde en sistematiese kennisbasis en 'n samehangende en kritiese begrip van die beginsels en teorieë van die Administratiewereg, met besondere klem op;</li> <li>• die grondwetlike regte wat verband hou met administratiewe geregtigheid <ul style="list-style-type: none"> <li>○ bronne van die administratiewereg</li> <li>○ substantiewe en prosedurele Administratiewereg, onder meer die konsep en definisie van administratiewe optrede, hersieningsgronde, metodes van beheer oor en kontrole van administratiewe optrede, die prosedure gevolg tydens en remedies beskikbaar op hersiening;</li> <li>○ staatsaanspreeklikheid en</li> <li>○ die interaksie tussen Administratiewereg en ander regsdisiplines;</li> </ul> </li> <li>• die vermoë om verskillende benaderings tot of problematiese Administratiewereglike kwessies te analiseer, te kritiseer en kreatiewe oplossings voor te stel wat gebaseer is op 'n grondige waarde-sisteem en regsbeginsels;</li> <li>• die vermoë om onbekende en komplekse werklike probleme te identifiseer, analiseer en op te los deur die kennis van die Administratiewereg aan te wend en argumente wat teoreties begrond is, te gebruik om oplossings te bereik wat ondersteun word deur die feite;</li> <li>• die vermoë om individueel en in groepsverband effektief, doeltreffend en onafhanklik inligting te bekom wat geïdentifiseer is as noodsaaklik om 'n probleem op te los of om vraagstukke of onderwerpe in hierdie vakgebied op te los of te analiseer; en</li> <li>• die toepaslike mondelinge en skriftelike kommunikasievaardighede wat vereis word om oplossings of analyses effektief te kommunikeer, ook deur gebruik te maak van toepaslike inligtingstegnologie.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds en deelyds		
<b>Modulekode: KCOM111</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
<b>Titel: Inleiding tot Massakommunikasie</b>		
<p><b>Module-uitkomst:</b> Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n breë begrip van die geskiedenis, aard en omvang van massakommunikasie te toon;</li> <li>• die transformasie van die massakommunikasiebedryf in Suid-Afrika te kan beskryf;</li> <li>• 'n basiese kennis van enkele belangrike teoretiese perspektiewe op die massamedia te demonstreer; en</li> <li>• krities oor die massamedia te kan reflekteer.</li> </ul>		

<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b> Toetse en werkstukke — gewig: 66% Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 34%		
<b>Modulekode: KCOM112</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
<b>Titel: Inleiding tot kommunikasiekontekse</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die historiese ontwikkeling van menslike kommunikasie vanaf die vroeë ontwikkeling daarvan tot die hedendaagse inligtingsamelewing en nuwe kommunikasietegnologieë, oorsigtelik te kan beskryf;</li> <li>• 'n deeglike begrip van die sleutelkonsepte en teorieë van kommunikasie te demonstreer;</li> <li>• teoretiese beginsels op verskillende kommunikasiekontekste toe te pas, insluitend intrapersoonlike kommunikasie, interpersoonlike kommunikasie en spraakkommunikasie;</li> <li>• grondige kennis en insig rakende die verskillende rolle, dinamika van leierskap en konflikbestuur binne die konteks van kleingroepkommunikasie te toon.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds en Deeltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b> Toetse en werkstukke — gewig: 66% Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 34%		
<b>Modulekode: KCOM121</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
<b>Titel: Inleding tot Joernalistiek</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die konteks en funksies van die joernalistiek met verwysing na die take van 'n redakteur, verslaggewer en subredakteur en die funksionering van 'n koerant, tydskrif en radiostasie en die verskillende soorte joernalistieke skryfwerk te beskryf en verduidelik en probleme op te los binne 'n joernalistieke konteks;</li> <li>• basiese kennis oor en vaardighede in fotografie binne die joernalistieke konteks te demonstreer;</li> <li>• navorsing te doen en die praktiese joernalistieke vaardighede in die gedrukte en radiomedia toe te pas, individueel sowel as in groepswerk, en die bevindings in aanvaarbare formate te kommunikeer met behulp van gepaste IT;</li> <li>• die normatiewe dimensie van die joernalistiek te identifiseer, te evalueer en toe te pas op voorbeelde uit koerante, tydskrifte en radio-uitsendings.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b> Toetse en werkstukke — gewig: 66% Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 34%		
<b>Modulekode: KCOM122</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
<b>Titel: Inleiding tot Korporatiewe Kommunikasie</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n basiese kennis en begrip van die belangrikste korporatiewe kommunikasieteorieë te toon, en te kan onderskei tussen skakelwerk en bemarking;</li> <li>• 'n grondige kennis en begrip van die basiese teoretiese uitgangspunte van ooredingskommunikasie, soos dit relevant is in 'n korporatiewe kommunikasiekonteks, te kan demonstreer;</li> <li>• relevante kennis en begrip van die spesialisvelde in korporatiewe kommunikasie te kan weergee, sowel as die vermoë om ooredingskommunikasie in elk van die velde te kan toepas; en</li> </ul>		

<ul style="list-style-type: none"> <li>oor etiese waardes, met betrekking tot die gebruik van ooredingskommunikasie, skriftelike en mondeling te reflekteer.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b> Toetse en werkstukke — gewig: 66% Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 34%		
<b>Modulekode: KCOM211</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Publisering (DTP)</b>		
<b>Module-uitkomste:</b> Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>'n breë kennis basis te demonstreer rakende algemene publisering en verskillende soorte publikasies in die media-omgewing vanuit die oogpunt van 'n mediabeampte;</li> <li>bewys te lewer van 'n grondige begrip van die aard en eienskappe van lessenaar-publisering (DTP) en die koördinering van die publiseringsproses;</li> <li>basiese kennis en vaardighede in tipografie en drukprosesse vir bladuitleg te toon;</li> <li>uitleg en setwerk van verskillende publikasies met die gebruik van digitale media te kan doen.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b> Toetse en werkstukke — gewig: 66% Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 34%		
<b>Modulekode: KCOM213</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Korporatiewe Kommunikasie: Verhoudingsbestuur</b>		
<b>Module-uitkomste:</b> Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>die belangrikste teorieë oor korporatiewe kommunikasie met die fokus op verhoudingsbestuur te kan beskryf en te verduidelik;</li> <li>die korporatiewe kommunikasie-probleemoplossingsproses binne die konteks van Suid-Afrikaanse interne en eksterne belangegroep te verduidelik;</li> <li>die rol en funksie van korporatiewe kommunikasie as strategiesebestuurs-meganisme te verduidelik en om verskillende benaderings tot verhoudingsbestuur ten opsigte van die verskillende soorte Suid-Afrikaanse organisasies te onderskei en die relevante benadering toe te pas;</li> <li>die rol van korporatiewe kommunikasie in die proses van verandering, leierskap, kwessiebestuur, onderhandelinge en kennisbestuur in 'n organisasie te beskryf en te verduidelik;</li> <li>oor die etiese kwessies in die korporatiewe kommunikasieveld te reflekteer .</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b> Toetse en werkstukke — gewig: 66% Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 34%		
<b>Modulekode: KCOM218</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Korporatiewe Kommunikasieteorie</b>		
<b>Module-uitkomste:</b> Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>kommunikasieteorie in 'n meta model of tipologie van kommunikasie te plaas.</li> <li>te onderskei tussen die verskeie tradisies van kommunikasieteorie;</li> <li>geselekteerde kommunikasieteorieë asbelangrike komponente van geselekteerde kommunikasietradisies bespreek.</li> <li>metateoretiese beginsels en geselekteerde teoretiese benaderings te gebruik om diepte te verleen aan die studie van kommunikasie as 'n fenomeen.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds		

<b>Assesseringsmetodes:</b>		
Toetse en werkstukke — gewig: 66%		
Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 34%		
<b>Modulekode: KCOM221</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Mediabeleid, -etiek en –reg</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die grondwetlike konteks waarbinne vryheid van spraak in Suid-Afrika beoefen word, deeglik te beskryf;</li> <li>• 'n deeglike kennis en begrip van etiese probleme waarmee mediapraktisyns gekonfronteer word en hoe hierdie probleme hanteer kan word deur onder meer gebruik te maak van verskillende etiese kodes, te demonstree;</li> <li>• die beperkings wat die statutêre reg op die media geplaas het en steeds plaas deeglik te beskryf en te verduidelik</li> <li>• die beperkings wat die gemenerereg in die verlede op die media geplaas het of steeds plaas deeglik te beskryf en te verduidelik;</li> <li>• kopieregwette en hoe dit mediapraktisyns se werk beïnvloed deeglik te beskryf en te verduidelik;</li> <li>• verbruikersregte en hoe mediapraktisyns dit kan ondersteun deeglik te beskryf en te verduidelik;</li> <li>• te verduidelik hoe etiek en die reg verweef is en gelyklopend deur die mediapraktisyn in ag geneem moet word;</li> <li>• die regulasies wat deur Okosa gestel word te beskryf en te verduidelik;</li> <li>• die rol van die MDDA en ander nie-regeringsinisiatiewe op die ontwikkeling en transformasie van die Suid-Afrikaanse media-industrie te verstaan en te verduidelik.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b>		
Toetse en werkstukke — gewig: 66%		
Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 34%		
<b>Modulekode: KCOM222</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Interkulturele kommunikasie</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die karaktereenskappe, en die ontwikkeling van die kommunikasie van tradisionele Westerse (Eurosentriese) en nie-Westerse (Afrosentriese &amp; Oosterse) kulture te kontrasteer;</li> <li>• interkulturele kompetensie in die breë Suid-Afrikaanse konteks van die media en kommunikasie-industrie te toon;</li> <li>• kritiese kommentaar te lewer op die rol van identiteit in die post-koloniale konteks van Suid-Afrika;</li> <li>• kulturele diversiteit in die hantering van interkulturele interaksie empaties te verduidelik;</li> <li>• kulturele kodering in aanmerking te neem in die beplanning van kommunikasie-intervensies; en</li> <li>• internasionale kommunikasiegedrag vanuit 'n mediumteorieperspektief sowel as 'n sisteembenaderingsperspektief te analiseer.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b>		
Toetse en werkstukke — gewig: 66%		
Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 34%		
<b>Modulekode: KCOM227</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Filmteorie en –kritiek</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat		

wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n deeglike kennis en begrip van die konteks en funksie van film binne die sosio-historiese en politieke produksie daarvan demonstreeer.</li> <li>• 'n basiese kennis en vaardigheid aangaande filmteorie en visuele gelettertheid te demonstreeer en toe te pas in die skryf van filmresensies;</li> <li>• film-historiese kennis na te vors en toe te pas in individuele sowel as groepwerk, en om bevindinge in aanvaarbare akademiese formaat te kommunikeer;</li> <li>• Die normatiewe dimensie van filmkritiek te identifiseer, evalueer en toe te pas.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Kontak/Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b> Individuele en groepswerk en besprekings Praktiese werkstukke Toetse Eksamen		
<b>KCOM229</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Filmteorie en –kritiek</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n begrip te toon vir die konstitusionele konteks waarin die vryheid van spraak in Suid-Afrika toegapas word.</li> <li>• 'n deeglike kennis en begrip te toon van die etiese probleme wat mediabeamptes in die gesig staar asook hoe hierdie etiese vrae dmv onder andere etiese kodes opgelos kan word.</li> <li>• kennis te toon van die beperkinge van die reg op die media van die verlede en die media van vandag/</li> <li>• kennis en begrip te toon van die beperkinge van die wet op die media</li> <li>• kennis te toon van die kopieregwette en die impak daarvan op mediabeamptes</li> <li>• kennis en begrip te toon vir die regte van die verbruiker en hoe die mediabeampte dit kan ondersteun.</li> <li>• begrip te wys vir die wedersydse en parallelle etiese- en regsangeleenthede.</li> <li>• kennis en begrip te toon vir die implikasies van die regulasies wat deur ICASA ingestel is.</li> <li>• Kennis dra van die rol van die MDDA en ander nie-regeringsinstansies in die ontwikkeling (en transformering) van die Suid-Afrikaanse media omgewing.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Kontak/Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b> Individuele en groepswerk en besprekings Praktiese werkstukke Toetse Eksamen		
<b>Modulekode: KCOM311</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Navorsingsmetodologie</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om <ul style="list-style-type: none"> <li>• bewys te lewer van 'n grondige kennis en kritiese begrip van die basiese verskille tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsontwerpe en die vermoë om die mees gepaste benadering vir spesifieke navorsingsenarios te kan selekteer;</li> <li>• 'n sistematiese kennis van die elemente van wetenskaplike kommunikasie-navorsing te demonstreeer en dit toe te pas;</li> <li>• die waarde van verskillende navorsingsmetodes krities te kan verduidelik</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b> Toetse en werkstukke — gewig: 66%		

Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 34%		
<b>KCOM316</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
Titel: Korporatiewe Media: Webontwikkeling		
<b>Module-uitkomste:</b>		
Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• bewys te lewer van 'n omvattende en sistematiese kennisbasis met betrekking tot die</li> <li>• agtergrond en ontwikkeling van die internet en nuwe media, insluitend die verskille tussen</li> <li>• tradisionele, korporatiewe en nuwe media en 'n grondige begrip van hoe elkeen deur die</li> <li>• internet en globalisering geraak word;</li> <li>• individueel en in groepe, korporatiewe webruimtes vir uitnemende kommunikasie te kan</li> <li>• evalueer volgens hulle doel, funksie, interaktiwiteit en gebruikersmodelle;</li> <li>• 'n koherente en kritiese verstaan van die riglyne vir effektiewe webontwerp te</li> <li>• demonstreer en hierdie kennis in die skep van webblaaie toe te pas deur gebruik te maak</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b>		
Toetse	en	werkstukke — gewig: 66%
Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 34%		
<b>KCOM317</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
Titel: Videotegnologie en beeldestetika		
<b>Module-uitkomste:</b>		
Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n koherente en kritiese begrip te demonstreer van die tegnologieë wat verskeie videotoeepassings ondersteun;</li> <li>• bewys te lewer van 'n kritiese verstaan van oudio-teorie en beginsels deur dit in videoproduksie toe te pas;</li> <li>• bewys te lewer van 'n kritiese verstaan van toerieë wat die grondslag vir visualisering in video en fotografie vorm en hierdie teorieë prakties te kan toepas</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b>		
Toetse	en	werkstukke — gewig: 66%
Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 34%		
<b>Modulekode: KCOM318</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Kommunikasie vir sosiale verandering</b>		
<b>Module-uitkomste:</b> Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die belangrikste teoretiese benaderings in die velde van ontwikkelingskommunikasie en demokratisering te kan bespreek;</li> <li>• bewys te lewer van 'n samehangende en kritiese begrip van die gebruik van “klein media” in die konteks van deelnemende kommunikasie asook die demokratisering van die media binne die konteks van 'n ontwikkelende demokrasie;</li> <li>• 'n kritiese analise te doen en sistematiese uiteensetting te gee van die rol wat die media, regeringskommunikasie en politieke partykommunikasie kan vervul in die bevordering en onderhouding van die Suid-Afrikaanse demokrasie;</li> <li>• 'n kommunikasiestrategie vir 'n ontwikkelingsprojek asook 'n verkiesingsveldtog in 'n ontwikkelende samelewing te kan formuleer.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b>		
Toetse en werkstukke — gewig: 66%		
Geïntegreerde eksamenprojek — gewig: 34%		

<b>Modulekode: KCOM326</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Geïntegreerde Korporatiewe Media</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• kliënte-opdragte in die korporatiewe kommunikasiekonteks te kan interpreteer en analiseer; en om kreatiewe konsepte te kan genereer deur gebruik te maak van probleemoplossingsvaardighede;</li> <li>• sistematiewe kennis en insig van gedrukte en webpublisering en die bestuursprosesse daarvan krities te kan weergee en bespreek;</li> <li>• individueel en in groepe, korporatiewe webuimtes binne breër korporatiewe mediaprogramme / veldtogte te vind en te analiseer;</li> <li>• geïntegreerde korporatiewe mediaprogramme / veldtogte te beplan en uit te voer.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b>		
Toetse en werkstukke — gewig: 66%		
Geïntegreerde eksamenprojek — gewig: 34%		
<b>Modulekode: KCOM328</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NQF vlak: 6</b>
<b>Titel: Korporatiewe Kommunikasie: Bemerkingskommunikasiebestuur</b>		
<b>Module-uitkomste:</b>		
Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die bemerkingskommunikasiekonteks met verwysing na die groei, belangrikste ontwikkelings</li> <li>• in die industrie en die rol daarvan in 'n veldtog, krities te verduidelik;</li> <li>• bewys te lewer van 'n grondige kennis van die veld van bemerkingskommunikasiebestuur;</li> <li>• 'n bemerkingskommunikasieplan te ontwerp deur verskeie media en relevante metodes te inkorporeer.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b>		
Toetse en werkstukke — gewig: 66%		
Geïntegreerde eksamenprojek — gewig: 34%		
<b>Modulekode: KCOM329</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NQF vlak: 7</b>
<b>Titel: Kommunikasiebestuur; Beplanning</b>		
<b>Module-uitkomste:</b>		
Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Krities te verduidelik hoe die kommunikasieplan vanuit die kommunikasiestrategie ontwikkel.</li> <li>• die behoefte van 'n kommunikasieplan dmv teoretiese scenarios en gevallestudies te bepleit.</li> <li>• krities die keuse van media te verduidelik in 'n ontwikkelingskonteks en in die ontwikkeling van 'n kommunikasieplan.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b>		
Toetse en werkstukke — gewig: 66%		
Geïntegreerde eksamenprojek — gewig: 34%		
<b>Modulekode: KCOM371</b>	<b>Jaarkursus</b>	<b>NKR-vlak:7</b>
<b>Titel: Media- en korporatiewe skryfwerk</b>		
<b>Module-uitkomste:</b>		
<i>Eksterne media</i>		
Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• grondige kennis van en begrip vir die konteks, belang, omvang en vereistes van goeie, etiese mediabetrekkings; die breë medialandskap in Suid-Afrika; en die korporatiewe</li> </ul>		

<p>kommunikasie-instrumente/-metodes met verwysing na die take van die korporatiewe kommunikasiepraktisyn in die onderskeie sektore te demonstreer;</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• bewys te lewer van grondige kennis van en basiese vaardighede in die gebruik van visuele/ouditiewe materiaal binne die konteks van mediabetrekkings;</li> <li>• om navorsing te kan doen en om vaardighede toe te pas om persklaar materiaal vir publikasie in verskeie massamedia te skep aan die hand van die basiese beginsels van goeie joernalistiek.</li> </ul> <p><i>Interne media</i></p> <p>Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• grondige kennis van en begrip vir die konteks, belang, omvang en vereistes van personeelblaie te toon;</li> <li>• grondige kennis van die gebruik van visuele materiaal en korporatiewe media binne die konteks van personeelblaie te demonstreer;</li> <li>• navorsing te doen en om vaardighede toe te pas om 'n basiese personeelblad te skep aan die hand van die basiese beginsels van goeie joernalistiek en met behulp van toepaslike IT.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b> Toetse en werkstukke — gewig: 66% Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 34% (’n Praktiese opdrag wat tuis uitgevoer word, vorm deel van die eksamen.)		
<b>Modulekode:</b> LARM111	<b>Semester</b> 1	<b>NKR-Vlak:</b> 5
<b>Titel:</b> 'n Inleiding tot Werksplekverhoudinge		
<b>Module-uitkomste:</b> Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis oor en insig in die terminologie, kernbeginsels en teorieë en agtergrond van Bedryfsigologie, soos dit in besigheid toegepas word, te toon;</li> <li>• 'n fundamentele kennis en insig ten opsigte van die Bedryfsigologie-studieveld te toon;</li> <li>• die rol van die werker en organisasie as deel van die breër gemeenskap te beskryf;</li> <li>• 'n begrip te toon ten opsigte van die inter-verhouding tussen besigheid en die gemeenskap; en</li> <li>• die vaardigheid ten opsigte van die versameling van inligting oor die verantwoordelikheid van mense en die gemeenskap te demonstreer.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds en deelyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b> Formatief: 3 Groot geskeduleerde toetse: gewig – 100 Summatief: 1 x 3- uur Eksamen: gewig – 50		
<b>Modulekode:</b> LARM211	<b>Semester</b> 1	<b>NKR-Vlak:</b> 6
<b>Titel:</b> Beroepsbestuur		
<b>Module-uitkomste:</b> Na afloop van hierdie module, behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n omvattende kennis van die uitdagings in beroepe, werksmotivering, konflik tussen beroepe en rolteorie te demonstreer;</li> <li>• 'n fundamentele kennis oor hoe 'n organisasie struktuur 'n besigheid kan beïnvloed te toon;</li> <li>• onbekende probleme verwant aan mobiliteit te analiseer, interpreteer en deur te gee;</li> <li>• stratifikasie en die werking van die organisasie op verskillende vlakke te verstaan; en</li> <li>• die sosio-demografiese en ekonomiese tendense wat werkswelstand kan beïnvloed te evalueer.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds en deelyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b> Formatief: 3 Groot geskeduleerde toetse: gewig – 100 Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50		



<b>Modulekode: LARM 221</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b>
<b>Titel: Werkgroepdinamika</b>		
<b>Module-uitkomst:</b>		
Die student behoort in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>kennis en insig te toon ten opsigte van die terminologie, kernbeginsels en teorieë, sowel as agtergrond van Werkgroepdinamiek, soos dit toegepas word in die werksplek;</li> <li>'n indiepte kennis en begrip te toon van die struktuur, belangrikheid en funksies van verskillende groepe as sub-stelsels in interaksie met die werksplek;</li> <li>in groepe te werk om probleme aan te spreek en te analiseer in goed-gedefinieerde groepsituasies en om die bevindinge in 'n werksopdrag te rapporteer wat voldoen aan die Labour Relations Management-formate.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds en deelyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b> Formatief: 3 Groot geskeduleerde toetse: gewig – 100 Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50		
<b>Modulekode: LARM 311</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b>
<b>Titel: Teorie en praktyk van arbeidsverhoudinge</b>		
<b>Module-uitkomst:</b>		
Die student behoort in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>insig in en kennis van arbeidsverhoudingbegrippe, modaliteite wat arbeidsverhouding-regulering, tripartitiese verhoudings, industriële demokrasie, deelname en verteenwoordiging, en die ontwikkeling van arbeidsverhoudinge in Suid-Afrika;</li> <li>insig in en kennis te toon ten opsigte van, wetgewing, vakbonde, kollektiewe bedinging en hoe dit die werksomgewing beïnvloed;</li> <li>die dinamiek van stakings, redes vir stakings, werkersverteenvoording op ondernemingsvlak deur forums en toekomstige arbeidsverhoudingontwikkeling te ken en te verstaan; en</li> <li>kennis te toon oor hoe om arbeidsverhoudinge effektief in besighede/organisasies te bestuur.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b> Formatief: 3 Groot geskeduleerde toetse: gewig – 100 Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50		
<b>Modulekode: LARM 321</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b>
<b>Titel: Die bestuur van arbeidsverhoudinge</b>		
<b>Module-uitkomst:</b>		
Die student behoort in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>'n gegronde en sistematiese kennis te toon ten opsigte van arbeidsverhoudinge-bestuur;</li> <li>begrip te toon oor die verskeie aspekte van die kontrakwet wat van toepassing is op indiensneming;</li> <li>kennis te toon oor arbeidswetgewing en die toepassing daarvan;</li> <li>die implementering en bestuur van arbeidsverhoudinge in die werksplek te bemeester;</li> <li>die Suid-Afrikaanse meganisme vir die skikking van arbeidsdispute oor te dra en te kritiseer;</li> <li>effektief in groepe te kan funksioneer; en</li> <li>etiese beginsels in arbeidsverhoudinge toe te pas.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds en deelyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b> Formatief: 3 Groot geskeduleerde toetse: gewig – 100 Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50		

<b>Modulekode: LARM322</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b>
<b>Titel: Konfliktbestuur</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Die student behoort in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis van en insig te toon ten opsigte van die terminologie, kernbeginsels en teorieë van Konflikt, soos van toepassing op groepe binne die werksplek;</li> <li>• 'n indiepte kennis en begrip te toon ten opsigte van die belangrikheid daarvan om die toepaslike bestuursvaardighede om konflikt in die werksplek te hanteer; en</li> <li>• konfliktdeelnemers te evalueer, konflikt in goed-gedefinieerde situasies te adresseer en te analiseer, en om die bevindinge te rapporteer, en om wyses voor te stel om die konflikt op te los/bestuur voor te stel in 'n opdrag wat voldoen aan die Labour Relations Management-formate.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds en deelyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b> Formatief: 3 Groot geskeduleerde toetse: gewig – 100 Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50		
<b>Modulekode: LPRA111</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
<b>Titel: Inleiding tot die taalpraktyk</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> By afhandeling van hierdie module behoort studente in staat te wees om		
'n basiese begrip van kernterminologie, -konsepte, -beginsels en basiese teorieë van vertaling te demonstree;		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• begrip van die rol van vertaling as dissipline en professie binne die Suid-Afrikaanse en wêreldwye gemeenskap te demonstree;</li> <li>• belangrike beginsels, prosedures en tegnieke van vertaling toe te pas deur aanvaarbare vertalings van geselekteerde tekste te lewer;</li> <li>• goed gedefinieerde bekende en onbekende vertaalprobleme binne 'n bekende konteks op te los deur toepaslike hulpmiddels vir taalpraktyk te gebruik, en die sukses van oplossings te assesseer;</li> <li>• inligting oor vertaalteorie en -praktyk te versamel, analiseer en sintetiseer;</li> <li>• teoretiese en praktiese kwessies met betrekking tot vertaalprobleme effektief, samehangend en toepaslik te kommunikeer.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b> Toetse en werkstukke - gewig: 60% Semestereksamen 1X2 uur - gewig: 40%		
<b>Modulekode: LPRA121</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
<b>Titel: Taalpraktyk en teks</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> By afhandeling van hierdie module behoort studente in staat te wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n basiese begrip van kernterminologie, -konsepte, -beginsels en basiese teorieë van vertaling en redigering te demonstree;</li> <li>• begrip van die rol van vertaling as dissipline en professie binne die Suid-Afrikaanse en wêreldwye gemeenskap te demonstree;</li> <li>• belangrike beginsels, prosedures en tegnieke van vertaling toe te pas deur aanvaarbare vertalings en redigerings van geselekteerde tekste te lewer;</li> <li>• goed gedefinieerde bekende en onbekende vertaal- en redigeerprobleme binne 'n bekende konteks op te los deur toepaslike hulpmiddels vir taalpraktyk te gebruik, en die sukses van oplossings te assesseer;</li> <li>• inligting oor vertaalteorie en -praktyk en redigeerteorie en -praktyk te versamel, analiseer en sintetiseer;</li> <li>• teoretiese en praktiese kwessies met betrekking tot linguistiese vertaalteorieë en -probleme effektief, samehangend en toepaslik te kommunikeer.</li> </ul>		

<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b> Toetse en werkstukke - gewig: 60% Semestereksamen 1X2 uur - gewig: 40%		
<b>Modulekode:</b> LPRA211	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Teoretiese perspektiewe op vertaalpraktyk I</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> By ahandeling van hierdie module behoort studente in staat te wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n deeglike begrip van kernterminologie, -konsepte en -beginsels in linguistiese vertaalteorieë te demonstreeer;</li> <li>• linguistiese beginsels en vertaalteorieë, sowel as algemene vertaalprosesse, -tegnieke en -prosedures te selekteer en toe te pas om aanvaarbare vertalings van geselekteerde tekste te lewer;</li> <li>• goed gedefinieerde vertaalprobleme op te los deur toepaslike hulpmiddels vir taalpraktyk te gebruik, en om die sukses van oplossings te assesseer;</li> <li>• inligting oor linguistiese vertaalteorie en vertaalpraktyk te versamel, analiseer en sintetiseer;</li> <li>• teoretiese en praktiese oorwegings met betrekking tot vertaalteorieë en -probleme doeltreffend te kommunikeer deur die toepaslike gebruik van tegnologie.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b> Toetse en werkstukke - gewig: 60% Semestereksamen 1X3 uur - gewig: 60%		
<b>Modulekode:</b> LPRA221	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Vaardighede vir die taalpraktyk: teksredaksie en tegnologiese vaardighede</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Na ahandeling van hierdie module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• deeglike begrip van sleutel terme, -konsepte, -beginsels en -teorieë in taalpraktyk te toon, veral in verband met redigering en lokalisering;</li> <li>• begrip te toon van die rol van taalpraktyk as dissipline en profesie in die Suid-Afrikaanse en die wêreldgemeenskap;</li> <li>• noodsaaklike beginsels, prosedures en tegnieke in verskeie velde van taalpraktyk te kies en toe te pas ten einde taalprodukte van 'n aanvaarbare standaard en van 'n hoë gehalte te skep;</li> <li>• oplossings te vind vir goed-gedefinieerde, vreemde taalpraktykprobleme (veral ten opsigte van redigering en lokalisering) deur die gebruik van gepaste hulpmiddels vir taalpraktyk, en ook die sukses van die oplossings te kan evalueer;</li> <li>• inligting oor teksredaksie en tegnologiese vaardighede vir taalpraktisyns te versamel, ontleed en sintetiseer; en</li> <li>• teoretiese en praktiese oorwegings met betrekking tot taalpraktykprobleme te kommunikeer deur die doeltreffende gebruik van gepaste tegnologie.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Kontak, voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b>		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• praktiese teksredaksie met annotasies</li> <li>• klasaanbiedinge</li> <li>• opstelle</li> <li>• korter geskrewe opdragte (bv. opsommings, notas, denkkarte)</li> <li>• praktiese lokaliseringsoefeninge</li> <li>• lokaliseringsprojek</li> <li>• toetse en 'n eksamen</li> </ul>		

<b>Modulekode: LPRA311</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Teoretiese perspektiewe op vertaalpraktyk 2</b>		
<p><b>Module-uitkomst:</b> By afhandeling van hierdie module behoort studente in staat wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n gesofistikeerde en sistematiese begrip van kernterminologie, -konsepte en -beginsels van kulturele, ideologiese en filosofiese vertaalteorieë te demonstreer;</li> <li>• kulturele, ideologiese en filosofiese beginsels en teorieë van vertaling, sowel as algemene vertaalprosesse, -tegnieke en -prosedures te selekteer en toe te pas ten einde aanvaarbare vertalings van geselekteerde tekste te lewer;</li> <li>• onbekende konkrete en abstrakte vertaalprobleme op te los deur geskikte hulpmiddels vir taalpraktyk, tesame met gesofistikeerde teoretiese besinning aan te wend, en om die sukses van oplossings te assessee;</li> <li>• kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting oor kulturele, ideologiese en filosofiese vertaalteorie en -praktyk te versamel, analiseer en sintetiseer;</li> <li>• teoretiese en praktiese oorwegings met betrekking tot kulturele, ideologiese en filosofiese vertaalteorieë en -probleme effektief en genuanseerd, en deur die toepaslike gebruik van tegnologie, te kommunikeer.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds		
<p><b>Asseseringsmetodes:</b>  Toetse en werkstukke - gewig: 60%  Semestereksamen 1X3 uur - gewig: 60%</p>		
<b>Modulekode: LPRA 312</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Gevorderde tegnologiese toepassings I: Masjienvertaling en vertaalgeheue</b>		
<p><b>Module-uitkomst:</b> By afhandeling van hierdie module behoort studente in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• gesofistikeerde en sistematiese begrip te toon van die sleutel terme, -begrippe en -konsepte in masjienvertaling en vertaalgeheue;</li> <li>• begrip te toon ten opsigte van die rol van rekenaar-geasseseerde vertaling (ook bekend as CAT) in die Suid-Afrikaanse en die wêreldgemeenskap;</li> <li>• CAT-hulpmiddels, sowel as algemene vertaalprosesse, -tegnieke en -prosedures, te selekteer en toe te pas ten einde aanvaarbare vertalings van gespesialiseerde tekste te produseer;</li> <li>• oplossings te vind vir konkrete en abstrakte vertaalprobleme deur die gebruik van CAT- en taalpraktyk-hulpmiddels, tesame met gesofistikeerde teoretiese besinning, en om die geslaagdheid van hierdie oplossings te evalueer;</li> <li>• kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting by wyse van CAT te versamel, analiseer en sintetiseer; en</li> <li>• teoretiese en praktiese oorwegings wat betrekking het op CAT doeltreffend en belese oor te dra, en deur die tegnologie toepaslik te gebruik.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Kontak, voltyds		
<p><b>Asseseringsmetodes:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• praktiese vertaling met behulp van CAT-sagteware (bv. SDL-Trados)</li> <li>• klasaanbiedinge</li> <li>• opstelle</li> <li>• korter geskrewe opdragte (bv. opsommings, notas, denkkaarte)</li> <li>• toetse en 'n CAT projek-eksamen</li> </ul>		
<b>Modulekode: LPRA321</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Gevorderde professionele toepassings: die uitgewerswese en internskapwerk</b>		
<p><b>Module-uitkomst:</b> By afhandeling van hierdie module behoort studente in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• gesofistikeerde en sistematiese begrip te toon van die sleutel terme, -begrippe en -beginsels wat verband hou met die uitgewerswese;</li> </ul>		

<ul style="list-style-type: none"> <li>• begrip te toon ten opsigte van die Suid-Afrikaanse en internasionale uitgewerswese;</li> <li>• vertaling, redigering en kopieskryfhelpmiddels en tegnieke te selekteer en toe te pas ten einde professionele en aanvaarbare tekste vir die uitgewerswese te skep;</li> <li>• oplossings te vind vir konkrete en abstrakte vertaal- redigering- en kopieskryfprobleme deur die gebruik van geskikte helpmiddels vir taalpraktyk, tesame met gesofistikeerde teoretiese besinning, en om die geslaagdheid van hierdie oplossings te evalueer;</li> <li>• kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting oor vertaling, redigering en kopieskryfwerk in die uitgewerswese te versamel, analiseer en sintetiseer; en</li> <li>• teoretiese en praktiese oorwegings wat betrekking het op die uitgewerswese, doeltreffend en belese oor te dra, en deur die tegnologie toepaslik te gebruik.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Kontak, voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b>		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• klasaanbiede</li> <li>• opstelle</li> <li>• korter geskrewe opdragte (bv. opsommings, notas, denkkarte)</li> <li>• toetse en 'n eksamen</li> </ul>		
<b>Modulekode:</b> LPRA322	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Gevorderde tegnologiese toepassings II: Onderskrifte, tolking en nuwe toepassings</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> By ahandeling van hierdie module behoort studente in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• gesofistikeerde en sistematiese begrip te toon van die sleutel terme, -begrippe en -beginsels in die skep van onderskrifte, tolking en boedelbeskrywing;</li> <li>• begrip te toon ten opsigte van die rol van onderskrifte, tolking en audiobeskrywing in die Suid-Afrikaanse en die wêreldgemeenskap;</li> <li>• onderskrif- en tolkhelpmiddels en tegnieke, asook algemene vertaalprosesse, -tegnieke en -prosedures te selekteer en toe te pas ten einde professionele en aanvaarbare oudiovisuele materiaal met onderskrifte te skep en basiese tolking te doen;</li> <li>• oplossings te vind vir konkrete en abstrakte onderskrif- en tolkprobleme deur die gebruik van geskikte apparatuur, sagteware en helpmiddels vir taalpraktyk, tesame met gesofistikeerde teoretiese besinning, en om die geslaagdheid van hierdie oplossings te evalueer;</li> <li>• kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting oor onderskrifte, tolking en audiobeskrywing te versamel, analiseer en sintetiseer; en</li> <li>• teoretiese en praktiese oorwegings wat betrekking het op onderskrifte, tolking en audiobeskrywing doeltreffend en belese oor te dra, en deur die tegnologie toepaslik te gebruik.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Kontak, voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b>		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• praktiese onderskrifskewing deur die gebruik van sagteware (bv. Subtitle Workshop, Caneva Tempo)</li> <li>• klasaanbiede</li> <li>• opstelle</li> <li>• korter geskrewe opdragte (bv. opsommings, notas, denkkarte)</li> <li>• toetse en 'n projek-eksamen in onderskrifte</li> </ul>		
<b>Modulekode:</b> PHIL211	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Ontologie</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Ná afloop van hierdie module sal 'n student 'n deeglike kennisbasis hê van		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n filosofiese leer oor die aard van die werklikheid, waarin die verhouding tussen</li> </ul>		

<p>wêreldbeskouing en religie veral aandag kry, en waar die konsekwensies van 'n breë kyk na die werklikheid vir aspekte van die werklikheid soos wetenskap en samelewing, duidelik word.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Student sal verder in staat wees om toepaslike filosofiese konsepte en metodes te gebruik ten einde</li> <li>• minstens vanuit 'n gevestigde wêreldbeskoulike posisie (bv. die Christelike) 'n eie mening oor die aard van die werklikheid te vorm;</li> <li>• toepassings van die kennisbasis en eie siening te maak;</li> <li>• en op tipies filosofiese wyse verslag te doen oor haar/sy nuwe kennis en standpunte.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds en deelyds		
<p><b>Assesseringsmetodes:</b>  <i>Formatiewe assessorering:</i>  Toetse en werkstukke – gewig: 50%  <i>Summatiewe assessorering:</i> Semestereksamen (huistoeneem-vraestel) 1X24 hours — gewig: 50%</p>		
<b>Modulekode: PHIL221</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b>
<b>Titel: Geskiedenis van die Filosofie</b>		
<p><b>Module-uitkomst:</b> Na voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om 'n deeglike kennisbasis te demonstreer van idees, temas en denkers in die geskiedenis van die Westerse denke in die vorm van</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• óf 'n bespreking van temas in die ideëgeskiedenis (bv. rasionaliteit, natuur/kultuur, orde, kompetisie/konflik ens.);</li> <li>• óf 'n bespreking van tydperke (bv. die antieke Grieke, Middelleeu ens.), prominente figure (bv. Plato, Kant ens.) en temas (bv. die metafisika, etiek ens.) in die geskiedenis van die filosofie.</li> <li>• 'n Student sal verder in staat wees om toepaslike vorme van filosofiese ondersoek en beredenering te gebruik ten einde</li> <li>• 'n samehangende eie siening te vorm vanuit 'n gevestigde wêreldbeskouing (bv. die Christelike perspektief) oor die idees en temas in die geskiedenis van die filosofie wat hy/sy bestudeer het;</li> <li>• toepassings van die kennisbasis en eie siening te maak;</li> <li>• en op tipies filosofiese wyse verslag te doen van haar/sy kennis, standpunte en toepassings</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds en deelyds		
<p><b>Assesseringsmetodes:</b>  <i>Formatiewe assessorering:</i>  Toetse en werkstukke – gewig: 50%  <i>Summatiewe assessorering:</i> Semestereksamen (huistoeneem-vraestel) 1X24 hours — gewig: 50%</p>		
<b>Modulekode: POLI112</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b>
<b>Titel: Inleiding tot Politieke Studies</b>		
<p><b>Module-uitkomst:</b> Na voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n basiese kennis van inleidende politiek en verwante konsepte weer te gee;</li> <li>• die verbandhoudende politieke konsepte krities te bespreek en die basiese probleme deur basiese vaardighede van inligtingsversameling op te los;</li> <li>• die oplossings volgens aanvaarde akademiese konvensies individueel of in groepe te kommunikeer</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds en deelyds		
<p><b>Assesseringskriteria:</b>  Die studente het die uitkomst bemeester indien hulle</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• sleutelbegrippe soos politiek, mag, ideologie, demokrasie, die staat en regering kan</li> </ul>		

<p>omskryf;</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die aard, omvang en benaderings tot politieke studie analities kan bespreek;</li> <li>• die politieke konsepte aan die hand van gevallestudies prakties kan toepas.</li> </ul>		
<p><b>Assesseringsmetodes:</b>  <i>Formatiewe assessering:</i>            Toetse en werkstukke – gewig: 50%  <i>Summatiewe assessering:</i> Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%</p>		
<b>Modulekode: POLI123</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b>
<b>Titel: Die Suid-Afrikaanse politieke stelsel</b>		
<p><b>Module-uitkomst:</b> Na voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n basiese kennis weer te gee oor die konteks van die hedendaagse Suid-Afrikaanse politiek, die struktuur en komponente van die Suid-Afrikaanse politieke stelsel en die onderlinge verbande daartussen te identifiseer en interpreteer;</li> <li>• basiese vaardighede van inligtingsinsameling gebruik om hedendaagse Suid-Afrikaanse politieke probleme te identifiseer en oplossings voor te stel;</li> <li>• rekenaartegnologie te gebruik om, in groepe of individueel, binne 'n aanvaarbare etiese raamwerk te kommunikeer.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds en deelyds		
<p><b>Assesseringskriteria:</b>            Die studente het die uitkomst bemeester indien hulle</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• samewerkende (koöperatiewe) regering kan verduidelik;</li> <li>• begrippe soos beleidformulering, politieke partye en politieke ekonomie binne die Suid-Afrikaanse omgewing kan verduidelik.</li> </ul>		
<p><b>Assesseringsmetodes:</b>  <i>Formatiewe assessering:</i>            Toetse en werkstukke – gewig: 50%  <i>Summatiewe assessering:</i> Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%</p>		
<b>Modulekode: POLI213</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b>
<b>Titel: Vergelykende politiek</b>		
<p><b>Module-uitkomst:</b> After the completion of this module the student must</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n grondige kennis te toon van vergelykende politiek en die basiese metodes van vergelyking te kan toepas;</li> <li>• analitiese denke te demonstreer met die oplossing van goedgedefinieerde onbekende probleme in die vergelykende politiek;</li> <li>• rekenaartegnologie te gebruik om, in groepe of individueel, binne 'n aanvaarbare etiese raamwerk te kommunikeer.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds en deelyds		
<p><b>Assesseringskriteria:</b>            Die studente het die uitkomst bemeester indien hulle</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die struktuur en veranderlikes van politieke stelsels kan beskryf, ontleed en verduidelik;</li> <li>• verskillende verteenwoordigende politieke stelsels kan vergelyk en beoordeel.</li> </ul>		
<p><b>Assesseringsmetodes:</b>  <i>Formatiewe assessering:</i>            Toetse en werkstukke – gewig: 50%  <i>Summatiewe assessering:</i> Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%</p>		
<b>Modulekode: POLI223</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b>
<b>Titel: Afrikapolitiek</b>		
<p><b>Module-uitkomst:</b> Na voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• oor 'n grondige kennis te beskik van die vakgebied Internasionale Betrekkinge asook die internasionale betrekkinge van Afrika;</li> </ul>		

<ul style="list-style-type: none"> <li>• analitiese denke te demonstreer met die oplossing van goedgedefinieerde onbekende probleme rakende die internasionale betrekkinge van Afrika deur standaard protokolle vir geskrewe en gesproke kommunikasie te gebruik;</li> <li>• in groepe of individueel eties verantwoordbaar op te tree.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds en deelyds		
<b>Assesseringskriteria:</b>		
Die studente het die uitkomst bemeester indien hulle die belangrike fasette van die vakgebied Internasionale Betrekkinge kan verduidelik en binne die Afrika-konteks kan interpreteer en ontleed.		
<b>Assesseringsmetodes:</b>		
<i>Formatiewe assessorering:</i>		
Toetse en werkstukke – gewig: 50%		
<i>Summatiewe assessorering:</i> Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%		
<b>Modulekode:</b> POLI313	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b>
<b>Titel: Politieke teorie</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Na voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n geïntegreerde kennis en begrip van politieke teorie, filosofie en ideologie te kan demonstreer ten einde konsepte, feite, beginsels, reëls en teorieë binne die vakgebied te kan toepas en evalueer;</li> <li>• die vermoë te demonstreer om navorsing te ontleed en te evalueer en gegronde kritiese menings ten opsigte van sodanige navorsing te formuleer;</li> <li>• met vaardigheid inligting te versamel en te analiseer, te sintetiseer en die inligting te evalueer en dan die resultate mondelings en skriftelik binne gestruktureerde akademiese argumente, binne 'n eties-aanvaarbare konteks en deur middel van die gebruik van toepaslike IT-tegnologie, te kommunikeer</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds en deelyds		
<b>Assesseringskriteria:</b>		
<b>Assesseringsmetodes:</b>		
<i>Formatiewe assessorering:</i>		
Toetse en werkstukke – gewig: 50%		
<i>Summatiewe assessorering:</i> Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%		
<b>Modulekode:</b> POLI314	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b>
<b>Titel: Teorieë van Internasionale Betrekkinge</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Na voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n geïntegreerde kennis en begrip van geïdentifiseerde teoretiese denkrigtings binne Internasionale Betrekkinge te demonstreer en konsepte, feite, beginsels, reëls en teorieë binne die vakgebied te kan toepas en evalueer;</li> <li>• die vermoë te demonstreer om navorsing te ontleed en te evalueer en gegronde kritiese menings ten opsigte sodanige navorsing te formuleer;</li> <li>• met vaardigheid inligting te versamel en te analiseer, te sintetiseer en die inligting te evalueer en dan die resultate mondelings en skriftelik binne gestruktureerde akademiese argumente, binne 'n eties-aanvaarbare konteks en deur middel van die gebruik van toepaslike IT-tegnologie, te kommunikeer.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds en deelyds		
<b>Assesseringskriteria:</b>		
<b>Assesseringsmetodes:</b>		
<i>Formatiewe assessorering:</i>		
Toetse en werkstukke – gewig: 50%		
<i>Summatiewe assessorering:</i> Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%		



<b>Modulekode: POLI323</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b>
<b>Titel: Politieke ekonomie</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Na voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n geïntegreerde kennis en begrip van die verskynsel van Politieke Ekonomie binne die Suid-Afrikaanse konteks te demonstreeer, ten einde</li> <li>• onbekende werklikheid gebaseerde probleme en vraagstukke wat verband hou met Politieke Ekonomie en die toepassing van bewys gebaseerde oplossings en teorie-gedrewe argumente te identifiseer en te analiseer;</li> <li>• die vermoë te demonstreeer om navorsing te ontleed en te evalueer en gegronde kritiese menings ten opsigte van sodanige navorsing te formuleer;</li> <li>• met vaardigheid inligting te versamel en te analiseer, te sintetiseer en die inligting te evalueer en dan die resultate mondelings en skriftelik binne gestruktureerde akademiese argumente, binne 'n eties-aanvaarbare konteks en deur middel van die gebruik van toepaslike IT-tegnologie, te kommunikeer</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds en deelyds		
<b>Assesseringskriteria:</b>		
<b>Assesseringsmetodes:</b>		
<i>Formatiewe assessering:</i>		
Toetse en werkstukke – gewig: 50%		
<i>Summatiewe assessering:</i> Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%		
<b>Modulekode: PSYC111</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: (5)</b>
<b>Titel: Inleiding tot Psigologie</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n fundamentele kennisbasis van basiese menslike funksionering, insluitende biologiese, kognitiewe, emosionele en motiveringsprosesse, sowel as hulle samehang, menslike- en persoonlikheidsontwikkeling, en die wyse waarop dit vergestalt in abnormale gedrag en optimale menslike funksionering te demonstreeer;</li> <li>• 'n begrip vir basiese aspekte van menslike funksionering in die self en ander mense in goed gedefinieerde situasies in die onderrigkonteks te kan demonstreeer;</li> <li>• 'n verhoogde bewustheid en sensitiwiteit vir basiese menslike funksionering in die eie en ander se funksionering in 'n multikulturele konteks te demonstreeer, deur middel van 'n refleksiwede dagboek, sowel as die toepassing van relevante literatuur op 'n geïntegreerde wyse in 'n individuele, geskrewe opdrag en mondelinge plakkaatvoordrag.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds en deelyds		
<b>Modulekode: PSYC121</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: (5)</b>
<b>Titel: Sosiale en gemeenskapsigologie</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n fundamentele kennis van en insig in die perspektiewe en teorieë waarop die sosiale en gemeenskapsigologie gebaseer is en 'n ingeligte begrip van die konsepte en terminologieë te kan demonstreeer sodat jy dit kan toepas op goed-gedefinieerde probleme of gevallestudies soos armoede, konstante verandering, menseregte, magsmisbruik, korrupsie, rassisme, vreemdelinge-haat, ensomeer, binne 'n multikulturele konteks en 'n begrip vir hulle samehang;</li> <li>• inligtingsverkrygings- en verwerkingsvaardighede te demonstreeer vir die skryf van take binne die konteks van die sosiale en gemeenskapsigologie op individuele of in groepverband;</li> <li>• gevallestudies, voorbeelde of probleemsituasies en oplossings, individueel of in groepverband, te analiseer en te evalueer en in die vorm van 'n verslag of werkstuk, verbaal of skriftelik te kan weergee binne voorgeskrewe konvensies en formate;</li> <li>• in alle vorme van kommunikasie en interaksie 'n gevestigde houding en etiese sisteem teenoor mense te demonstreeer.</li> </ul>		

<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds en deelyds		
<b>Modulekode:</b> PSYC211	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: (6)</b>
<b>Titel: Ontwikkelingspsigologie</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n deeglike kennisbasis van die fisiese, kognitiewe, sosiale, morele en persoonlikheidsontwikkeling van mense in elke stadium van die lewensiklus te kan vorm;</li> <li>• 'n deeglike begrip van standpunte oor die aard van die mens, konsepte, teorieë en kernterminologieë wat gebruik word in die Ontwikkelingspsigologie te kan demonstreeer om so inligting betroubaar, samehangend en eties-korrek te kan kommunikeer in assesseringsopdragte;</li> <li>• inligting oor menslike ontwikkeling krities te kan evalueer, analiseer en sintetiseer om so gesimuleerde probleme, individueel of in groepe, te kan oplos;</li> <li>• 'n deeglike begrip van akademiese diskoerse oor die impak wat diverse kontekste soos armoede, wanvoeding, oor-populasie, geografiese omstandighede, diskriminasie en ontoereikende sosiale en fisiese stimulasie op menslike ontwikkeling het, te verkry.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds en deelyds		
<b>Modulekode:</b> PSYC212	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: (6)</b>
<b>Titel: Persoonlikheidspsigologie</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n grondige kennisbasis met toepaslike insig te demonstreeer <ul style="list-style-type: none"> <li>○ van verskillende, meta-teoretiese werklikheids- en lewenstandpunte, wat relevant is aan menslike funksionering en denkraamwerke van persoonlikheid byvoorbeeld psigodinamika, humanistiese en eko-sistemiese;</li> </ul> </li> <li>• in staat te wees om die inhoud en toepassingsmoontlikhede van persoonlikheidsteorieë en persoonlikheidspsigologie te kan verduidelik, beredeneer, aan die hand van gepaste literatuur te staaf en skriftelik sowel as mondeling te kommunikeer deur die integrasie van die basis van wetenskaplike metodes en etiese beginsels;</li> <li>• goedgedefinieerde, opkomende werklike probleme, situasies en gevallestudies te kan analiseer deur die mees toepaslike prosedures en tegnieke eie aan die persoonlikheidspsigologie te gebruik om die gedrag vanuit die persoonlikheidsteorieë te verklaar, vergelyk en moontlike oplossings te beredeneer en weer te gee in 'n samehangende/logiese en betroubare verslag.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds en deelyds		
<b>Modulekode:</b> PSYC221	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: (6)</b>
<b>Titel: Positiewe Psigologie</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n gevestigde kennisbasis van <ol style="list-style-type: none"> <li>a) die skuif van die tradisionele patogene paradigma na die salutogene perspektiewe van menslike funksionering en vandaar na 'n gebalanseerde perspektief op welsyn van patologie tot "flourishing" asook die implikasies daarvan vir openbare gesondheid</li> <li>b) Positiewe Sielkunde/Psigofortologie as beweging binne die veld van Sielkunde, asook 'n goeie begrip van die belangrike konsepte, reëls, beginsels en teorieë wat verband hou met psigologiese gesondheid te demonstreeer, ten einde dit toe te pas op die identifisering en fasilitering van die eie en ander se funksionering in 'n multikulturele konteks;</li> </ol> </li> <li>• die vermoë demonstreeer om goed-gedefinieerde, maar onbekende probleme wat verband hou met psigologiese en psigososiale gesondheid op te los, deur gebruik te maak van toepaslike prosedures en goeie bewyse vanuit 'n kritiese analise van verskillende teorieë binne Positiewe Sielkunde/Psigofortologie, asook om die inligting op 'n betroubare en koherente wyse, beide verbaal en skriftelik te kommunikeer, en sodoende bewys te lewer van effektiewe en kritiese beredenering;</li> </ul>		

<ul style="list-style-type: none"> <li>• jou kennis en insig in Positiewe Sielkunde/Psigofortologie op moreel-etiese en kultuursensitiewe wyse aan te wend op beide individuele en sosiale vlak met 'n sensitiwiteit vir onder andere die kollektiwistiese en individualitiese waardesisteme.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds en deelyds		
<b>Modulekode:</b> PSYC311	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b>
<b>Titel: Inleiding tot Psigopatologie</b>		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n afgeronde en sistematiese kennis van psigologiese verstuurings, in die konteks van 'n bio-psigososiale model, in 'n multi-kulturele konteks te kan demonstreeer;</li> <li>• 'n samehangende en kritiese begrip van die relevante konsepte en terminologieë, teorieë, en prosesse en tegnieke van die psigopatologie toepaslik binne die professionele konteks te kan toon sodat jy dit kan toepas binne ongedefinieerde en meer komplekse probleem-situasies soos voorkom in gevallestudies;</li> <li>• 'n begrip te toon van patologie en intervensies in die konteks van primêre, sekondêre en tersiêre gesondheid-sorg;</li> <li>• inligtingsverkrygings- en verwerkingsvaardighede te demonstreeer vir die afhandeling van skriftelike opdragte;</li> <li>• gevallestudies of voorbeelde krities individueel en in groepsverband te kan analiseer en 'n eie geïntegreerde opinie gebaseer op teoretiese begroning te lewer en in verslagvorm te kommunikeer volgens die voorgeskrewe konvensies van die vak;</li> <li>• in alle vorme van kommunikasie en interaksie 'n gevestigde waardesisteen en etiese gedragskode te kan demonstreeer.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds en deelyds		
<b>Modulekode:</b> PSYC312	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b>
<b>Titel: Navorsing en Psigometrie</b>		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die aard en prosesse van psigologiese evaluering te verduidelik soos dit ingebed is in die verskillende perspektiewe op werklikheid en menslike funksionering;</li> <li>• die basiese eienskappe en tegniese vereistes van psigologiese toetse te ken, en te kan verduidelik en evalueer (verbaal en skriftelik) hoe toetse en toetsnorms ontwikkel word;</li> <li>• die bruikbaarheid van psigologiese toetse te evalueer aan die hand van hulle psigometriese eienskappe met inagneming van die etiese aspekte;</li> <li>• die beheer en die gebruik van assesseringsmeetmiddels te verduidelik in diverse populasies deur die gebruik van die gepaste standaarde en norme;</li> <li>• 'n samehangende en ingeligte begrip van die navorsings-proses te demonstreeer vir beide kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing teen die agtergrond van die perspektiewe op die werklikheid;</li> <li>• inligting van beide virtuele en ander bronne onafhanklik te verkry en te sintetiseer vir die voltooiing van take soos werkopdragte en projekte;</li> <li>• navorsingsartikels krities te analiseer en evalueer, 'n onafhanklike opinie te formuleer, gebaseer op stawende teorieë en 'n verslag te skryf, gebaseer op die APA konvensies.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds en deelyds		
<b>Modulekode:</b> PSYC321	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b>
<b>Titel: Basiese hulpverlening en etiese gedrag</b>		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n grondige kennis van 'n algemene model, die terapeutiese proses, tipiese hulpverleningsvaardighede, 'n paar geselekteerde toepassingsvelde (byvoorbeeld vigs- en post-traumatiese stresvoorligting ) en die etiese kode van hulpverlening te kan demonstreeer en 'n samehangende en kritiese begrip van die relevante konsepte, beginsels en teorieë van die terrein te toon sodat jy dit kan toepas binne ongedefinieerde komplekse probleem-situasies en etiese vraagstukke soos voorkom in gevallestudies;</li> </ul>		

<ul style="list-style-type: none"> <li>gevallestudies of voorbeelde krities individueel en in groepsverband te kan analiseer en 'n eie opinie gebaseer op teoretiese begroning te lewer en in verslagvorm te kommunikeer volgens die voorgeskrewe konvensies van die vak;</li> <li>in alle vorme van kommunikasie en interaksie 'n gevestigde waardestelsel en etiese gedragkode te kan demonstreeer met 'n bewustheid van menseregte problematiek.</li> </ul>		
<b>Metode van aflerwing:</b> Voltyds en deelyds		
<b>Modulekode: PSYC322</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b>
<b>Titel: Toegepaste Psigologie</b>		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>'n afgeronde en sistematiese kennis-basis van menslike funksionering op alle vlakke van menslike ontwikkeling in 'n multi-kulturele konteks te kan demonstreeer en dit te kan fasiliteer op 'n geïntegreerde vlak in praktyk of gesimuleerde situasies;</li> <li>'n kritiese begrip van perspektiewe op menslike funksionering vanuit 'n eie, koherente wêreldbeskouing te kan demonstreeer;</li> <li>effektiewe seleksie en toepassingsprosedures vir die insameling van kwalitatiewe en kwantitatiewe inligting te kan demonstreeer en dit te kan integreer om so jou vermoë te kan illustreer om onbekende, konkrete en/of abstrakte probleme op te los deur gebruik te maak van getuienis-gebaseerde oplossings en teorie-gedrewe argumente;</li> <li>'n vaste waarde-sisteem en etiese optrede te kan demonstreeer in alle vorme van kommunikasie en interaksie;</li> <li>die voorgeskrewe formaat, wat toepaslik is in die Psigologie, te kan demonstreeer in alle vorme van kommunikasie.</li> </ul>		
<b>Metode van aflerwing:</b> Voltyds en deelyds		
<b>Modulekode: PUMA112</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b>
<b>Titel: Grondslae van openbare bestuur</b>		
Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om <ul style="list-style-type: none"> <li>die grondslae en teoretiese begroning van Openbare Bestuur en Regering as dissipline te vertolk;</li> <li>insig in die multidissiplinêre aard van Openbare Bestuur en Regering te kan weergee;</li> <li>die verskille tussen die openbare en privaatsektor te kan uitlig;</li> <li>die noodsaak van goeie regering in die Suid-Afrikaanse konteks te kan beredeneer.</li> </ul>		
<b>Metode van aflerwing:</b> Voltyds en deelyds		
<b>Assesseringskriteria:</b>		
